ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad

31 Augustus 1990
Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



## Jesus - Messias, profeet of humanis?

Is die regses se fut uit?

My 12 jaar as tronkvoël

Só gaan dit deesdae in Namibia

SA seksfliek kortgeknip

Winnie se kop geëis

## Winnie se aandele daal

# 'So kan dit nie aangaan nie'

**DIE aanstelling van Winnie Mandela as hoof van die ANC se welsynsdepartement twee weke gelede dreig om die wye ontevredenheid met haar optrede en posisie in dié organisasie op die spits te dryf. AUDREY BROWN het met ANC-figure en -ondersteuners gesels en doen verslag**

VAN haar Brandfort-dae af toe sy 'n nasionale held was, het Winnie Mandela se gewildheid afdraandepad begin loop toe haar doen en late met die Mandela Football Club aan die lig gekom het.

Daarna was dit die "matchboxes"-uitspraak, die Stompie Moeketsi-episode en verskeie ander omstrede uitlatinge.

In die jongste tyd het die vrou van die ANC se de facto leier al meer sterk gevoelens in die geledere van ANC-ondersteuners gaande gemaak met haar uitlatings oor geweld, haar teenwoordigheid by vergaderings van die uitvoerende komitee en haar vyandigheid jeens sekere lede van die ANC.

Haar "opdringerige" inmenging in die ANC se sake is nog 'n rede wat algemeen genoem word as rede waarom die ANC-leierskap "nou iets aan die saak moet doen," maar dit lyk asof haar aanstelling as hoof van welsynsake die strooi kan wees wat die kameel se rug gaan breek.

Niemand met wie Vrye Weekblad gesels het, wil egter hul name in dié verband genoem hê nie.

Private welsynsorganisasies en maatskaplike werkers het ook haar aanstelling gekritiseer, en voer aan dat sy die afgelope paar jaar glad nie "in die voorste linie" van welsyn was nie.





Volgens berigte beplan twee takke van die ANC, Mayfair en Yeoville, om die saak amptelik op te neem. Mohammed Valli Moosa, voorsitter van die Mayfair-tak, sê egter dat sy organisasie nie die saak op 'n vergadering bespreek het nie.

Volgens ANC-lede woon Winnie die vergaderings van die uitvoerende raad van die ANC by en neem sy daaraan deel, hoewel sy nié 'n lid van die raad is nie.

Haar teenwoordigheid by verskeie perskonferensies aan die sy van haar man, Nelson Mandela, wanneer amptelike sake bespreek word, het gelei tot vrae betreffende haar rol in die ANC.

Daar word bespiegel dat sy as welsynshoof aangestel is om haar teenwoordigheid by dié konferensies te regverdig.

Volgens die ANC se grondwet kan die uitvoerende komitee mense tot dié liggaam koöpteer - soos die geval was met Govan Mbeki, Walter Sisulu en selfs Nelson Mandela.

Die verskil tussen hulle en Winnie Mandela is dat hulle nog altyd as die leierskap van die ANC beskou is, waar sy nie openlik in enige van die ANC- en UDF-strukture betrokke was nie.

Daar word ook genoem dat haar verskyning by die loodsing van die ANC se Vroueliga in Natal vroeër die maand nie deur die organisasie beplan was nie. Sy was nie deel van die beplanning van die geleentheid nie, en nog minder is sy gevra om op die verhoog te verskyn.

Sy het ook kwaai deurgeloop by 'n vergadering van die Universiteit van Durban-Westville waar haar rol in die Stompie-moord bevraagteken is.

Haar omstrede uitlatinge oor geweld en die gewapende stryd het daartoe gelei dat Walter Sisulu haar in die openbaar oor die vingers geraps het - die eerste keer dat die ANC so-iets in die openbaar doen.

In die verlede is sy met handskoene behandel, soos met haar "vuurhoutjie-en-halssnoere"-toespraak van 1987 en die Stompie Moeketsi-moord in 1988, waar die ANC nie amptelik stappe teen haar geneem het nie.

Daar word bespiegel dat daar verskeie redes vir dié spesiale behandeling is. Haar rol in die ANC se ondergrondse strukture maak haar 'n waardevolle lid van dié organisasie. Maar andere kla dat Nelson Mandela nie die dissipline van die organisasie op haar toepas nie. Hy word sterk gekritiseer hieroor, maar nie in sy teenwoordigheid nie.

Een van die bronne in die ANC kla dat Nelson "te swak" is en haar selfs inlig oor vertroulike dinge wat in die organisasie aangaan. Maar dié klagtes kan nie uitgespreek word nie omdat die mense nie die "ouman" wil seermaak nie.

Volgens 'n senior lid van die ANC word die welsyn-vraagstuk in 'n ernstige lig beskou, en kan iets heel moontliks daaraan gedoen word. Dit sal egter moeilik wees omdat dié organisasie se adjunk-president baie "beskermend" is waar dit sy vrou betref.

Winnie Mandela se nou reeds beroemde oorlewingsvermoëns gaan sonder twyfel binnekort ernstig beproef word.



Die vele gesigte van Winnie Nomzamo



## Wenner moenie alles vat nie, sê Gatsha

**WARSKOU - Die leier van Inkatha, Mangosuthu Buthelezi, het aan Poolse leiers gesê vrede in Suid-Afrika kan net bewerkstellig word as die ANC sy "wenner-vat-alles-politiek" laat vaar.**

**Buthelezi het kommentaar op die onlangse gebeure in Suid-Afrika gelewer gedurende 'n besoek aan Pole waar hy ontmoetings met die Poolse minister van buitelandse sake, dr K Skubiszweski, en sen Jaroslaw Kaczynski, voorsitter van die Alliance Centrum-party en hoof-redakteur van Solidariteit se weekblad, gehad het.**

**Buthelezi sê Suid-Afrika beskik oor die vermoë om in die proses van probleemoplossing sy verskillende rasse-groepe te versoen, en terselfdertyd die grondslag te lê vir 'n maksimaal-produktiewe ekonomie.**

**Sy Inkatha-vryheidsparty se eerste keuse vir 'n nuwe grondwet is die Westminster-model, maar hy erken dat dié stelsel se "strakke meerderheidsoorheersing" wit kiesers in die arms van die ver-regses sal stuur. Dit sal lei tot 'n groot wit magsblok met die vermoë om die vooruitsigte vir 'n onderhandelde skikking in die wiele te ry.**


**Inkatha is dus bereid om 'n kompromie te maak en na 'n federale of Switserse kanton-stelsel, of enige stelsel wat in die Westerse wêreld werk, te kyk. Sy party is ook bereid om 'n Handves van Menseregte, wat beskerming aan kulturele minderheidsgroepe bied, te aanvaar.**

**Volgens Buthelezi moet die ANC dieselfde doen en na die "middel-posisie" - wat Inkatha nog altyd gevolg het - beweeg. Die ANC sal ook hul sosialistiese neigings, geweld en diep gewortelde begeerte om die leiers van 'n eenparty-staat te word, moet laat vaar.**

**Hy sê die enigste pad voorentoe vir die ANC is om te doen wat hulle nie wil doen nie. Hulle sal die konsep van 'n tussentydse regering moet laat vaar en ophou eis dat die staatspresident sy pos verlaat. - Sapa**

*Agter die onderhandelingskerms*

# Vordering agter die gespeel met woorde



Pallo Jordan



Gerrit Viljoen

**Daar is heelwat woelinge agter die skerms sover dit onderhandelinge aangaan. HENNIE SERFONTEIN lig die jongste verwikkelings toe**

**DIE regering en die ANC is baie nader aan 'n ooreenkoms oor twee hoogs omstrede sake - 'n tussentydse regering en 'n grondwetgewende vergadering - as wat dit op die oog af mag voorkom.**

**In die lig van openbare uitsprake van beide kante skyn dit asof albei ewe onbuigsaam is in hul standpunte oor dié sake.**

**Agter die skerms is daar egter reeds ver gevorder in informele gesprekke hieroor. Daar is reeds 'n onuitgesproke ooreenkoms oor hoe tot 'n vergelyk gekom sal word op 'n manier wat vir albei kante aanvaarbaar is.**

**Amptelik sê die ANC dat verkiesings om 'n grondwetgewende vergadering te verkies, 'n belangrike deel uitmaak van die begin van die werklike onderhandelingsfase. Die regering verwerp dit egter onomwonde.**

**Die ANC dring weer aan op 'n "tussentydse regering" terwyl die regering dit amptelik verwerp.**

**Die uitlatings van Gerrit Viljoen, minister van Staatkundige Ontwikkeling, in 'n onderhoud dié week is baie belangrik. Hy sê die belangrikste saak waaroor besluit moet word in die huidige stadium van "gesprekke oor gesprekke" is of alle partye met bewysbare ondersteuning toegelaat moet word om aan die onderhandelings deel te neem en of verkiesings vir 'n grondwetgewende vergadering eers gehou moet word.**

**Dit is betekenisvol dat hy tog voorspel dat die onderhandelingsmeganisme reeds vroeg volgende jaar gereed sal wees. 'n Ooreenkoms is dus moontlik. Van bronne betrokke by die onderhandelings word verstaan dat die ANC bereid is om hul aandrang op verkiesings vir 'n grondwetgewende vergadering aan die begin, agterweë te hou.**

**Dit sal eers op 'n heel latere stadium gebeur en die ANC sal hul ondersteuners paai deur te verduidelik dat die onderhandelings in fases plaasvind.**

**Verlede naweek het Pallo Jordan, die inligtingshoof van die ANC, die belangrikheid van 'n tussentydse regering beklemtoon, aangesien dit die steun van die meeste Suid-Afrikaners sal geniet. Dit moet ook alle politieke groeperinge verteenwoordig en nie slegs die NP en ANC nie.**

**Slegs enkele dae later sê Viljoen in sy onderhoud dat die regering bereid is om na nuwe metodes te kyk waarvolgens partye wat tans van die bestaande parlementêre strukture uitgesluit is, kans gegee sal word om "besluite te beïnvloed" terwyl onderhandelings aan die gang is.**

**Dié Viljoen-verklaring is die eerste sigbare aanduiding van 'n versagting van die regeringstandpunt en 'n groter buigsaamheid oor die kwessie van 'n tussentydse regering.**

**Nog dieselfde dag reik Viljoen 'n dringende verklaring uit waarin hy beslis ontken dat die regering voornemens is om enige van sy magte aan 'n tussentydse regering oor te dra.**

**Hy sê dit was totaal onaanvaarbaar en die regering sal onaangeraak bly voortbestaan.**

**Dit begin lyk asof dit alles 'n gespeel met woorde is.**

**Die regering het reeds in beginsel die konsep van 'n tussentydse regering aanvaar. Dit mag dalk iets anders genoem word - 'n staatsraad, byvoorbeeld. Die doel is dat dié liggaam - hoe ook al gekonstitueer en beskryf - slegs oor fundamentele sake moet besluit wat deur die onderhandelings geraak mag word. Viljoen se voorstel sluit duidelik by dié konsep aan.**

***Die regering sal bly voortbestaan en die landsadministrasie bly behartig sonder die vermindering van magte.* Daar was in elk geval nog geen voorstelle van die ANC dat die regering moet afstand doen van sy mag nie, en die regering weet dit.**

# Dhlomo waarsku: geweld kan na ander provinsies uitbrei

DOMINIQUE GILBERT

DIE gewese algemene sekretaris van Inkatha en minister van opvoeding van KwaZulu, Oscar Dhlomo, het dié week gewaarsku dat die onlangse swart op swart geweld in die Transvaal, wat volg op 'n lang geskiedenis van bloedige geweld in Natal, ook na die ander twee provinsies kan uitbrei.

Die volgehoue pogings deur die ANC om die hoofminister van KwaZulu en Inkatha-president, Mangosuthu Buthelezi, te isoleer - aangevuur deur Inkatha se eie "nasionale strategie" - is regstreekse oorsake vir die onlangse bloedbad in 27 townships wat die dood van meer as 500 mense veroorsaak het, sê Dhlomo in 'n onderhoud met AFP.

Dhlomo werk nou agter die skerms om Buthelezi en die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, bymekaar te bring vir die langverwagte vredesamesprekings.

"Tensy die strategiese flaters wat veroorsaak het dat die geweld na die Transvaal versprei het, reggestel word, glo ek ons kan 'n verdere verspreiding van die geweld na die Oranje Vrystaat en die Kaapprovinsie verwag," sê Dhlomo.

"Mosambiek, Angola, Ethiopië en Liberië is lewende voorbeelde van wat met 'n land gebeur wanneer die een faksie nie die ander wil erken of met die ander faksie wil praat oor die beëindiging van geweld nie.

"Net Mandela en Buthelezi kan met húl versoening vrede in Suid-Afrika bewerkstellig, deur 'n omvattende vredesplan uit te werk wat deur hul volgelinge op die grond goedgekeur word," het Dhlomo gesê.

Volgens Dhlomo het die ANC/UDF/Cosatu-alliansie 'n "ernstige strategiese flater" begaan toe daar besluit is om die geweld in Natal tot 'n nasionale vraagstuk te verhef deur landwye protesoptogte en stakings uit te roep.

"Asof dit nie genoeg was nie, het dié organisasies toe 'n beroep op die internasionale gemeenskap gedoen om Buthelezi te isoleer en het hulle geëis dat die KwaZulu-polisie en -regering ontbind word."

Dhlomo het daarop gewys dat geen oproep vir die ontbinding van die ander vyf tuislandregerings, Kangwane, Gazankulu, KwaNdebele, QwaQwa en Lebowa gemaak is nie.

"Dit is onverklaarbaar hoekom die ANC nie eerder 'n beroep gedoen het vir die afskaffing van die twee wette waarop alle selfregerende state berus nie, naamlik die Wet op Bantoe-owerhede van 1951 en die wet op die grondwet van swart state van 1971."

Dié flater het Buthelezi laat beweer dat die ANC besig is om KwaZulu, en dus die Zoeloes, uit te sonder vir "slegmakery en vernedering".

"Gegee dié feite is dit baie moeilik om fout te vind met Buthelezi se vraag: 'waarom KwaZulu uitsonder as die stryd werklik teen die tuislandbeleid is,'" het Dhlomo gesê.

Volgens Dhlomo was die ANC se derde fout hul aanhoudende weiering om Inkatha te ontmoet en die manier waarop dit geregverdig is.

Die ANC-hoof van inligting, Pallo Jordan, het gesê so 'n ontmoeting sou ANC-medepligtigheid in die geweld impliseer.

"Dit lyk dus of die oplossing daarin lê dat honderde mense moet sterf, talle kinders hul ouers moet verloor en families van broodwinners ontneem moet word net om Buthelezi van sy geloofwaardigheid te ontneem.

"Dit lyk ook asof Buthelezi dié geloofwaardigheid sou kry indien hy Mandela ontmoet om oor die geweld te praat," sê Dhlomo.

Die ANC het ook 'n fout begaan deur Buthelezi te ignoreer en met die regering oor die beëindiging van geweld te praat.

Dit was dus nie onverstaanbaar dat Buthelezi verneder voel deur dié strategie en dat sy ondersteuners 'n paar waarskuwingstekens sou gee om te wys dat hulle 'n krag is om mee te reken nie.

"Die finale fout wat die ANC begaan het, was om Inkatha se vermoë te onderskat om sy beeld te verdedig en sy invloed buite die grense van Natal te versterk," sê hy.

Dhlomo wou nie in die onderhoud antwoord op bewerings dat die Transvaal-geweld deur Inkatha georkestreer is nie, en het gesê hy beskik nie oor genoeg inligting om kommentaar te lewer nie. - AFP.

# ANC-lede geteister in Bophuthatswana

PHINEUS TSHUKUDU

DIE Bophuthatswana-veiligheidspolisie het onlangs sleutelfigure van die ANC in dié land in hegtenis geneem nadat 'n ANC-tak in Mabopane, naby Pretoria gestig is.

Die ANC het verlede week 'n ANC-tak in die geheim in die hoofstad, Mmabatho, gestig uit vrees vir die Bop-veiligheidspolisie.

Bophuthatswana is steeds onder 'n noodtoestand en mense wat die stigtingsvergadering van die ANC-tak bygewoon het, is onmiddellik na die vergadering in hegtenis geneem. Die veiligheidspolisie sê die mense is in hegtenis geneem omdat hulle 'n "onwettige vergadering" bygewoon het.

Die voorsitter van die Mafikeng-tak (die Mmabatho-tak heet so omdat dié tuisland steeds met apartheid geassosieer word), Job Mogoro, sê 'n ANC-lid is deur die Veiligheidspolisie vir ondervraging aangehou en gevra om as spioen vir hulle te werk. Die president van Bophuthatswana, Lucas Mangope, het kort na die wettiging van die ANC op 2 Februarie gesê die ANC is nie 'n verbode organisasie in dié onafhanklike tuisland nie.

'n Lid van die ANC se departement van kommunikasie, Saki Macozoma, sê ANC-aktiwiteite word steeds verbied in Bophuthatswana. Hy het ook 'n beroep op Mangope gedoen om vrye politieke aktiwiteite toe te laat.

Macozoma sê die ANC sal nie toestemming vra om ANC-byeenkomste in Bophuthatswana te hou nie omdat die ANC wettig in Suid-Afrika is en hulle nie die tuislande erken nie.

Die Bophuthatswana-regering het onlangs gesê dat hulle 'n komitee gaan saamstel om met alle politieke belangegroepe samesprekinge te voer. Die ANC het in 'n verklaring gesê samesprekinge sal slegs gehou kan word indien vrye politieke aktiwiteit moontlik is.

Die Sayco-tak in Ga-Rankuwa het die Miljoen handtekeninge-veldtog opgeneem in 'n poging om Bophuthatswana by Suid-Afrika ingelyf te kry. Dié petisie sal aan die Suid-Afrikaanse regering gerig word omdat dit hulle besluit was om Bophuthatswana onafhanklik te verklaar.

Die perssekretaris van Sayco in Ga-Rankuwa, Mike Moema, sê 'n optog word vir die middel van September beplan om die petisie aan pres FW de Klerk in Pretoria te oorhandig.

## Kerke terug by Belhar

# Eenheid dié jaar van die baan

**Al meer kerkleiers begin nou sê dat die eenwording tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk wat in Oktober sou plaasvind, nie vanjaar meer moontlik is nie. INA VAN DER LINDE doen verslag**

DIE Gesamentlike Gesprekskommissie oor kerkeenheid van die NG Kerk in Afrika (NGKA) en die NG Sendingkerk is nou presies terug waar hulle begin het.

Daar is besluit om terug te keer na die oorspronklike voorstel dat die Belydenis van Belhar weer deel van die konsep-kerkorde (grondwet van die kerk) van die nuwe Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) word.

Dit beteken dat die kerkregtelike probleem wat die NGKA van die begin af ondervind het met die insluiting van Belhar in die konsep-kerkorde, weer reg in die middel van die onmiddellike eenwording in Oktober kom staan het.

Al hoe meer kerkleiers begin nou sê dat dié eenwording, wat in Oktober - net na die twee kerke se sinodes afsonderlik byeen was - sou plaasvind, nie vanjaar meer moontlik is nie.

Die oë word nou gerig op 'n datum aanstaande jaar, ná die byeenkoms van die verskillende streeksinodes van die NGKA.

Die Sendingkerk het die Belydenis van Belhar in 1986 aanvaar as 'n vierde belydenisskrif, bo en behalwe die drie belydenisskrifte wat ook deur die NGKA onderskryf word.

Die NGKA se kerkorde bepaal dat die streeksinodes eers met 'n tweederde meerderheid moet instem voordat die Kerk aan die belydenisskrifte mag torring. Dit is nog nie gedoen nie.

Die jongste besluit van die Gesprekskommissie volg na toenemende ongelukkigheid die afgelope paar maande in die Sendingkerk oor 'n voorstel van die kommissie dat Belhar nie by die konsep-kerkorde ingesluit word nie. Die besluit is geneem ten einde die probleme van die NGKA te ondervang.

Die kommissie het voorgestel dat Belhar verwys word na die stigtingsinode van die nuwe kerk, wat dan moet besluit om dit te aanvaar (of nie te aanvaar nie).

'n Brief is in Mei aan gemeentes in die Sendingkerk gestuur om hulle van die besluit te verwittig.

Hierna het eers ds Russel Botman van Wynberg in 'n brief in Die Ligdraer, die amptelike blad van die Sendingkerk, van hom laat hoor. Hy het beswaar gemaak teen die wyse waarop Belhar nou as 'n soort speelbal gebruik word, terwyl dit vir baie mense in die Sendingkerk doodse erns is.

Daar is geen waarborge dat Belhar wel op die stigtingsinode van die nuwe kerk aanvaar gaan word nie, het hy gesê. En veral sien hy nie kans om weer die stryd deur te maak wat in die Sendingkerk oor Belhar gevoer is nie.

Ds A de Grange van die NGKA, Kuruman, bevestig die vrees dat Belhar "die lang pad" sal moet loop, hetsy in die NGKA, of in die nuwe kerk.

Ds David Botha, voormalige redakteur van Die Ligdraer, sê: "Die geloofwaardigheid van die vereniging tussen die NG Sendingkerk en die NGKA sal op die spel wees weens die opskorting van die Belhar-belydenis."


Ds Nic Apollis, aktuarius van die Sendingkerk, het aan Vrye Weekblad gesê die werklike rede agter die besluit van die Gesprekskommissie om terug te keer na die oorspronklike besluit, is omdat "sekere mense" die ongelukkigheid oor die weglating van Belhar uit die konsep-kerkorde begin gebruik het om die kerkvereniging te probeer vertraag.

Die debat het blyke gegee van die sterk leierskapstryd wat in die Sendingkerk aan die gang is na die uittrede van die charismatiese dr Allan Boesak. Mense in die regtervleuel van die Sendingkerk wat die afgelope vier jaar moes terugstaan, sien nou weer kans om die linker-vleuel in die kerk aan te vat.

Een van hulle is ds Sakkie Mentor, waarnemende moderator in die plek van Boesak, en die een man wat die afgelope vier jaar telkens met Boesak kopgestamp het.

Mentor maak in 'n verklaring in Die Ligdraer beswaar teen die samestelling van die Gesprekskommissie. Hy beweer dat net die vier moderatuurslede 'n mandaat gehad het om aan die gesprek oor kerkeenheid deel te neem, terwyl "'n stuk of vier ander persone van buite die moderatuur" - hoofsaaklik professore aan die teologiese fakulteit van Wes-Kaapland - by die Sendingkerk se afvaardiging op die kommissie ingesluit is.

Dan het hy ook beswaar teen die



Prof Johan Heyns

"metode wat aangewend word om by kerkordelike en konfessionele probleme verby te kom". Die opskorting van die Belydenis van Belhar en die omseiling van die reg van die streeksinodes van die NGKA is "oorhaastig, onwenslik, regtens twyfelagtig en derhalwe onaanvaarbaar".

Die wit NG Kerk se amptelike blad, Die Kerkbode, het ook nie op hom laat wag nie. In 'n voorbladberig word Mentor en prof Johan Heyns aangehaal wat eenstemmig aanvoer dat kerkeenheid nie van bo-af afgedruk moet word nie, maar van onder-af moet groei. Die berig gaan oor 'n gesprek tussen die dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK, en die lede van die Gesprekskommissie van die Sendingkerk.

**‘Daar is geen riglyne of 'n moontlike tydskedule of duidelike mikpunte oor hoe by kerkvereniging uitgekom kan word nie...’**

Hiervolgens sê Heyns: "Ons kan nie met strukture begin en kerkvereniging deur sinodes aan die kerk opdwing nie; ons moet op gemeentevlak begin werk aan gesindhede en dan strukture tot stand bring wat nodig is vir samewerking. As ons dit andersom benader, gaan ons nie die saak van kerkeenheid regtig dien nie."

Sê Apollis: "Ons is ongelukkig oor die wyse waarop Johan Heyns nou in die debat probeer inklim. Die Sendingkerk het in 1975 al besluit dat kerkeenheid ook van onder-af moet groei. Die standpunt geld nog steeds, maar dit beteken nie dat strukture nie ook geskep moet word nie."

Hy sien in die gebeure van die jongste tyd 'n samewerking tussen die NGK-leiers en ondersteuners van Mentor.

Heyns en prof Pieter Potgieter, die man wat as die sterkste aanspraakmaker genoem word om Heyns as moderator op te volg, staan by 'n vorige besluit van die Algemene Sinodale Kommissie oor kerkeenheid.

Die besluit sê 'n bepaalde vorm van kerkeenheid kan nie deur 'n meerdere vergadering (ringe, sinodes)



Dr Allan Boesak

op gemeentes "afgeforseer" word nie. Gemeentes moet "aangemoedig" word om met ander lidkerke van die NG Kerk-familie saam te werk en samewerkingstrukture daarstel wat tot eenheid van die kerk kan dien.

Die ASK se besluit sê streeksinodes moet gewys word op die noodsaaklikheid van die skepping van 'n gesindheid van eenheid deur onderlinge gesprekvoering, beraadslaging, gesamentlike projekte en kanselruiling. Die sinodes moet volstaan met gesprekvoering oor die groter sigbaarmaking van eenheid.

'n Voorstel met dié strekking gaan in Oktober voor die Algemene Sinode van die wit Kerk dien, en daar is min hoop dat 'n teenvoorstel van die Sinode van Wes-Kaapland, wat een kerkverband vir kerke in die NG Kerk-familie voorstaan, aanvaar sal word.

Ds Chris Erasmus, waarnemende redakteur van Die Ligdraer, se kommentaar hierop is: "Die NGK gee geen plan oor hoe die eenheidspad verder geloop kan word as die dinge op gemeentevlak begin slaag nie. Daar is geen riglyne of 'n moontlike tydskedule of duidelike mikpunte oor hoe by kerkvereniging uitgekom kan word nie...

"Watter pad vir 'werk aan gesindhede' dui u aan? Wanneer kom die 'en dan strukture tot stand bring wat nodig is vir samewerking' ter sprake?"

In die Sendingkerk word na die wit ASK se voorstel verwys as die "never-never"-stelsel. Om dié rede sou dit nie die Sendingkerk of die NGKA baat om te wag ten einde te hoor wat die wit kerk gaan doen nie, word benadruk.

## SA se leiers (29): Oscar Dhlomo

**IRENE LOUW**

OSCAR DHLOMO is op 28 September 1943 in Putellos, Umbumbulu, omtrent dertig kilometer suidoos van Durban gebore. Hy is die vyfde van Flora en Isaac Dhlomo se elf kinders.

Hy het sy skoolopleiding by die Sibusiswe Sekondêre Skool in Umbumbulu ontvang. Daarna het hy by die Amanzimtoti-kollege ingeskyf, waar hy in 1962 matriek geskryf het.

In 1963 is Dhlomo na die Universiteitskollege van Zoeloeland en het 'n BA-graad in geskiedenis en antropologie in 1965 verwerf. In 1967 het hy sy onderwysdiploma ontvang. Op universiteit was hy eers ondervoorsitter (1965) en later voorsitter (1966) van die verteenwoordigende studenteraad.

In 1967 is hy by die Hoërskool Menzi in Umlazi as geskiedenisonderwyser aangestel. Hy het nou betrokke geraak by die opvoeding van volwassenes. Hy het sy eie studies by die Universiteit van Suid-Afrika voortgesit en 'n honneurs in geskiedenis in 1970 verwerf.

In 1973 is hy tot skoolhoof van die Hoërskool KwaShaka in Umlazi bevorder. In dieselfde jaar het Dhlomo sy BEd aan die Universiteit van Zoeloeland met onderskeidings in drie vakke, voltooi.

Dhlomo is in 1974 as lektor in didaktiek by dié universiteit aangestel. Hy het sy MEd in 1975 voltooi. In 1980 het hy sy doktorsgraad deur Unisa verwerf.

In 1977 het hy uit sy pos as lektor bedank en homself as verteenwoordiger van Umbumbulu in die 1978-verkiesing van die Wetgewende Vergadering van KwaZulu verkiesbaar gestel. Hy is onbestrede



verkies.

Volgens Dhlomo het hy die politieke arena betree omdat hy gemeen het hoofminister Mangosuthu Buthelezi het ondersteuning nodig in sy verwerping van onafhanklikheid vir KwaZulu. Dhlomo is nog altyd van mening dat KwaZulu onlosmaaklik deel van Suid-Afrika is.

In 1978 is hy as minister van opvoeding en kultuur in die KwaZulu-regering aangewys. In dieselfde jaar het hy die algemene sekretaris van Inkatha geword.

In 1986 het Dhlomo as 'n Inkatha-verteenwoordiger die KwaZulu/Natal-Indaba bygewoon. In 1987 was hy ook deel van die afvaardiging wat voorstelle aan die destydse minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, Chris Heunis, oorhandig het.

Dhlomo het vanjaar "om persoonlike redes" uit sy ampte in die KwaZulu-regering bedank. Na bewering is daar groot meningsverskille tussen hom en Buthelezi. Hy is tans 'n direkteur van die Ontwikkelsbank van Suider-Afrika.

Dhlomo is met Nokukhanya getroud. Hulle het drie seuns en 'n dogter.

*Missiele in die drinkwater*

# Suidwes-Kapenaars woedend oor besoedeling

**Die geskil oor die beoogde aankoop van grond in die Buffelsriviervallei deur Somchem (Edms) Bpk vir missieltoetse, is vir bale mense net nog 'n bewys dat die staat sy korttermyn-belange en -winste bo die langtermyn-belange van inwoners en burgerkomitees stel. CHRISTELLE TERREBLANCHE berig**

SEDERT Somchem in 1987 'n toetsterrein vir wapenprodukte in die Buffelsriviervallei gevestig het, voer die gemeenskappies van Pringlebaai, Rooi Els en Bettiesbaai 'n verbete stryd om hul watervoorraad in die Buffelsrivierdam van besoedeling te vrywaar.

Buiten die gedurige geraas en beweerde waterbesoedeling, het die inwoners dit veral teen die feit dat die verkooptransaksie die dam-terrein insluit en sodoende deel van die toetsgebied sal word.

Kole op hul vurige stryd is die feit dat die grond Somchem - 'n filiaal van Krygkor, wat die perseel nog by die Overbergse Streekdiensteraad huur - net R500 gaan kos!

Die markwaarde van die grond, wat deur Somchem as "nutteloos" bestempel word, is nagenoeg R3 miljoen, maar aangesien dit 'n "staat-tot-staat-transaksie" is, gaan dit hulle net R500 kos.

Die dam is 'n gevestigde belang vir die gebied se sowat 130 000 inwoners - die konstruksie van die dam was 'n voorwaarde vir dorpstigting in die vyftigerjare. Buiten Bettiesbaai is dié gemeenskappe heeltemal afhanklik daarvan. Volgens projeksie gaan die inwonertal van die gebied binne die volgende twaalf jaar tot 350 000 verdubbel, en die burgerkomitees ag dit belangrik dat dit hulle vry sal staan om "in die afsienbare toekoms die vergroting van die damwal te versoek".



So 'n verhoging sal meebring dat dele van Somchem se infrastruktuur onder water sal wees en hulle heel waarskynlik nie die toetsterrein vir die duur van die konstruksie sal kan gebruik nie.

Inwoners, waaronder dr Denis Cowen, onder-voorsitter van die plaaslike raad van Rooi Els, is ook besorg dat die gebied se besonderse ekologie op die lang duur deur "toetse van onbekende aard" benadeel kan word. Hulle hou ook nie van die "geheime" manier waarop oor die verkoop-transaksie tussen die rade en Krygkor onderhandel is nie. (Na protes sal dié transaksie wel geadverteer word.)

Navrae en ondersoeke deur besorgde inwoners toon dat die dam 'n belangrike skakel in 'n toekomstige waterskema sal wees om in die groeiende waterbehoefte van Suidwes-Kaapland te voorsien. 'n Alternatiewe dam vir eie gebruik, in die Palmietrivier, sal nie net baie duur wees nie, maar die voorsiening aan die res van die streek ernstig benadeel, aldus 'n onafhanklike ingenieurs-ondersoek.

Volgens die belastingbetalersverenigings van Rooi Els en Pringlebaai, het die Overbergse streekdiensteraad erken dat hy in die belange van Somchem gehandel het en nie in dié van die belastingbetalers nie. Regsadvies wat deur die plaaslike raad van Rooi Els ingewin is, dui daarop dat die besluit om te verkoop ultra vires en ongeldig is.

Hulle gaan dié kontrak, wat nog nie voltooi is nie, met hand en tand beveg.

"Waar anders moet ons toets?" het Johan Adler, skakelbeampte van Krygkor, by navraag gevra.

"Uit ons oogpunt is dit 'n uiters geskikte perseel. Die feit dat ons koop, gaan geen verskil maak aan die feit dat ons dryfmiddels daar toets nie."



Volgens Adler word plofstowwe ook by Alkantpan in Noord-Kaapland getoets.


Die Buffelsrivierdam-terrein is blykbaar so geskik omdat missiele by die Krygkor-laboratorium by Houwhoek in die omgewing vervaardig word.

Die 400 hektaar is in die vroeë sewentigerjare deur die Administrateur van Kaapland "tot die voordeel van die omliggende gemeenskappe" in trust by die nou ontbinde Caledonse streekraad geplaas. Nadat Somchem die aanliggende plase opgekoop het, is die grond deur die Streekdiensteraad aan die maatskappy teen R25 per jaar verhuur. Tóé reeds was die inwoners skepties, maar het hulle by die toestand berus.

Dit was eers nadat toetse in alle erns begin, en veral nadat die geheime verkoopkontrak aan die lig gekom het, dat hulle alles in die stryd begin werp het om hul waterbron te red.

Hoewel Somchem nie vir 'n tweede ronde samesprekings 'n maand gelede opgedaag het nie, is die Rooi Els-gemeenskap steeds bereid om buite die hof te skik.

Hulle is gewillig om die verhuring van die grond aan Krygkor te aanvaar "vir 'n spesifieke maksimum tydperk", indien die watervoorraad onafhanklik en ten volle gemonitor word, asook teen 'n realistiese huurgeld - mits die maatskappy uit die gebied onttrek sodra die grond vir die vergroting van die dam nodig word.



Cowen sê die toekoms van betekenisvolle onderhandelinge "is nou op 'n mespunt gebalanseer". Hy sê die inwoners is gewis nie van plan om Somchem se standpunt - "die enigste logiese gevolgtrekking vir enige belastingbetaler wat werklik geïnteresseerd is in 'n gewaarborgde voorraad van besoedelvrye water, is om die grond aan Somchem te verkoop" - te aanvaar nie.

Die plaaslike raad van Rooi Els is nie tevrede met Krygkor se gerusstelling dat hul water nie in gevaar gestel word deur die toetsing van nuwe produkte nie.

Hoewel die dam nog onder die administrasie van die streekdiensteraad sal val, het die Overbergse Raad geen omgewings-verantwoordelikhede aan hom toevertrou nie.

'n Omgewingstudie deur die WNNR, wat dr Douglas Hey ingesluit het, het die wapentoetsing en verkoopstransaksie die groen lig gegee, maar Hey het aan die gemeenskap gesê hy kan die veiligheid van die watervoorraad slegs waarborg in soverre hy nie 'n chemiese ingenieur is nie. Volgens die Rooi Els-raad kan selfs chemiese ingenieurs die water nie vrywaar as hulle nie weet wat in die aandryfmiddels is nie.



Kragtens die Wet op die Ontwikkeling en Produksie van Wapens, mag besonderhede van navorsing op plofstowwe nie bekend gemaak word nie.


Navrae deur Vrye Weekblad oor watter regeringsliggaam op lang duur aanspreeklik gehou sal kan word vir die besoedeling van 'n noodsaaklike waterbron, het tot dusver aan die lig gebring dat geen staatsverantwoordelikheid teenoor natuurlike hulpbronne bestaan nie.

Cowan se dit gaan hier oor die verantwoordelike gebruik van 'n dam om in die behoeftes van toekomstige geslagte te voorsien, maar dit word nou opgeweeg teen die misbruik daarvan ter wille van Krygkor se winsmotief.

David Cooper van die Environmental Development Agency, EDA, sê grond behoort as 'n waardevolle hulpbron beskou te word wat in die beheer is van die mense wat daarop woon. Daar behoort 'n nasionale langtermynverbintenis en verantwoordelikheid ten opsigte van sulke hulpbronne te wees.

# 'n Vreedsame skikking is tog moontlik

**Die South African Youth Congress (Sayco) word wyd gesien as een van die politieke groeperinge wat minder entoesiasties is oor 'n vreedsame skikking in Suid-Afrika. Sayco is by die ANC geaffilieer en maak aanspraak op een miljoen lede. ADRIAN ENTHOVEN het met die publisiteitsekretaris van Sayco, Parks Mankahlana, gaan gesels**



**Parks Mankahlana**
*(Foto: Cecil Sols - Dynamic Images)*

DIE skepping van 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika, kan volgens verskeie metodes bereik word, onderhandeling is slegs een daarvan.

Dit is die mening van Parks Mankahlana, publisiteitsekretaris van die South African Youth Congress (Sayco).

Op die oomblik is onderhandeling die gepaste metode, en volgens Mankahlana aanvaar Sayco die noodsaak vir 'n onderhandelde skikking in Suid-Afrika. Hy sê verder dat Sayco geen vraagstukke as ononderhandelbaar beskou nie, maar dat alle struikelblokke uit die weg geruim moet word voordat onderhandelinge werklik kan begin.

Dié struikelblokke sluit in die landswye opheffing van die noodtoestand, die vrylating van alle politieke gevangenes, die terugkeer van alle uitgewekenes en die skrapping van alle veiligheidswetgewing.

Sayco steun die ANC se opheffing van die gewapende stryd, maar stel dit duidelik dat die gewapende stryd nie in sy geheel opgehef is nie. Militêre operasies is wel opgeskort, maar werwing en die berging van wapens in die land word nie daardeur geraak nie. Dit is 'n aanduiding dat militêre operasies weer hervat kan word indien ander metodes misluk.

Mankahlana sê die onlangse geweld in die Randse townships het in 1983 begin met die stigting van die UDF. Inkatha, onder aanvoering van Mangosuthu Buthelezi, het die bedreiging van die UDF teengestaan, en in samewerking met die polisie die ondersteuning en invloed van die UDF ondergrawe, sê hy.

Mankahlana beweer dat die polisie wapens aan Inkatha-veggeneraals en hostelbewoners verskaf het wat teen die gemeenskap gebruik is. Hy verwerp die bewering dat die township-geweld etnies van aard is.

Volgens Mankahlana lê die oplossing van die geweld nie by samesprekings tussen die ANC en Inkatha nie, maar by konstruktiewe optrede deur die polisie.

Hy stel die volgende voor: Die SAP moet voortgaan om hostelbewoners te ontwapen en hulle moet diegene verantwoordelik vir die geweld in hegtenis neem.

Wat die Boerestaat-idee betref sê Mankahlana dat dit 'n minderheidswens is, en dat dié minderheid deur die eise van die meerderheid "gedissiplineer" moet word. Sayco verwerp die gedagte dat sekere dele in die land vir "slegs blankes" opsy gesit moet word. Hy sê as lede van 'n regse organisasie hulself met gewapende opstand besig hou in reaksie op die nuwe bedeling waaroor onderhandel word, hulle as 'n veiligheidsprobleem behandel moet word.

Gevra of hy dink die PAC is besig om 'n ingrypende bloeitydperk te beleef, sê Mankahlana dat die jeug kan onderskei tussen die "blote geraasmakers" en dié organisasies wat die eise van die jeug op die hart dra. Hy sê verder dat die PAC nie 'n geskiedenis van struggle het nie, en dat dié organisasie nie 'n konstruktiewe rol in die struggle gespeel het nie. Hier verwys Mankahlana na dié week se wegbly-aksie wat nie aktief deur die PAC ondersteun is nie.

Maar Parks Mankahlana is positief oor die toekoms. Ondanks die vele struikelblokke in die weg van onderhandelings en 'n skikking, glo hy die uiteindelike skikking sal deur vreedsame metodes bereik word.

*Die demokrasie dalk onder druk*

# Namibia se ekonomie wurg

**As die baie onsekerhede en veranderlikes nie omskep kan word in ontwikkeling en groei nie, gaan Namibia dalk sy nuutgevonde demokrasie voor die volgende algemene verkiesing kwyt wees. CHRISTELLE TERREBLANCHE het gaan uitvra hoe dit gaan met die ekonomie van ons noordelike buurstaat**



Sal Namibia nog 'n droogte kan weerstaan?

(Foto: Gill de Vlieg - Afrapix)

SEDERT onafhanklikwording in Maart vanjaar het die aantal werkloses in Windhoek se strate merkbaar toegeneem. Hulle skroom nie om werk te vra soos soms in die tyd van Suid-Afrikaanse beheer nie. Maar hulle vra deesdae weer in Afrikaans - want hulle weet die VVO-vredesmag, Untag, is weg. En daarmee saam ook die R400 miljoen wat tydens die onafhanklikheidsproses kunsmatig in die land se ekonomie gestort is.

In die ses maande sedert die nuwe Republiek van Namibia sy eerste wankelrige treë van onafhanklikheid begin gee het, het dit duidelik geword dat die skrale finansiële hulpverlening waartoe die internasionale wêreld hom tot dusver verbind het, nie dié land van sy knieë op sy voete gaan help nie.

Noudat almal, ook die land se bykans 50 persent werkloses, parlementêre verteenwoordiging het, laai die eise, noodsaaklik en ideologies, stadig maar seker op.

Kenners meen die jong regering sal die eise wat uit demokratiese verteenwoordiging gegenereer word, minstens vyf jaar lank in toom moet hou. Maar dit sal nie genoeg wees nie. "Namibia moet doodeenvoudig groot buitelandse kapitaal lok, die landboupotensiaal van die noordooste met besproeiing realiseer, en die visbronne dermate rehabiliteer sodat die land inkomste daaruit kan genereer," sê een kenner. "En verkieslik sal die mynmaatskappye hulle belastingbydraes aansienlik moet verhoog.

"Al dié faktore hang aan 'n baie dun draaitjie. Kommer bestaan of enige van hulle sal realiseer. Kortom, Namibia benodig minstens sewe vet jare, sewe goeie reënseisoene."

## Beloftes

Swapo, die regerende party, het voor onafhanklikheid belowe dat hy in sy beleid sowel ekonomiese ontwikkeling as die uitbouing van demokrasie sal nastreef. Maar kort na sy eerste begroting en 'n "teleurstellende" skenkerskonferensie in New York, begin dit deurskemer dat die twee ideale kan bots.

Ten eerste lyk dit asof die land se paaie, wat reg om die wêreld kan span, nie baie lank in so 'n goeie toestand gaan wees nie.

Namibia het die ylste bevolking in Afrika, maar een van die mees gesofistikeerde paaie-netwerke. Met net so wat vier inwoners per kilometer geproklameerde pad gaan dit heeltemal onmoontlik wees om die duur infrastruktuur wat Suid-Afrika daargestel het, in stand te hou, tensy daar 'n skerp styging in per capita inkomste op pad is.

"Ons kan nie ons water- en kragnetwerke verwaarloos nie," sê dr Johan Jones, direkteur van Finansies. "Maar in die suide is fantastiese paaie waarop byna nooit gery word nie. Ons sal hulle maar moet laat gaan."

## Begrotingshulp

Namibia is aan dieselfde afwaartse neiging in die ekonomie as Suid-Afrika onderworpe.

Boonop kry die land nie meer die meer as 20 persent begrotingshulp wat Suid-Afrika (afgesien van die biljoene wat deur die SAW ingepomp is) elke jaar bygedra het nie.

Jones sê selfvoorsiening vir Namibia is net 'n droom. "Die koste van selfvoorsiening gaan astronomies wees," sê hy. Die land se ekonomie is nou gekoppel aan dié van Suid-Afrika en daarom so skeefgetrek dat hoogstens op die herstel van 'n invoer/uitvoer-balans gekonsentreer kan word.

Otto Herringel, minister van finansies, het dit kort na onafhanklikwording duidelik gestel dat die land minstens R500 miljoen aan buitelandse hulpverlening per jaar oor die volgende vyf jaar benodig om sy ekonomie op 'n stewige grondslag te vestig. Na 'n onlangse skenkerskonferensie in Amerika is niemand nog seker of net die beloftes vir lenings en skenkings altesame een jaar se R500 miljoen bedra nie.

In die jare voor die VVO-onafhanklikheidsplan in werking gestel is, het Namibia groot verwagtinge gekoester oor ekonomiese hulpverlening na onafhanklikheid, veral van Wes-Duitsland. Maar in die verkiesingsweek het die muur tussen die twee Duitslande geval en was dit toe reeds duidelik dat Namibia agter in die ry vir ontwikkelingshulp sal moet inval.

In die huidige boekjaar is begroot vir R160 miljoen aan verwagte buitelandse hulp, maar ernstige onsekerheid bestaan of dit gaan realiseer. Ekonome verwag dat die R200 miljoen tekort waarvoor begroot is, erg oorskry sal word en dat dit in die volgende twee jaar herhaal sal word.

"Ek dink nie ons het ons huiswerk goed genoeg gedoen nie," sê Jones. "Ons sal eers 'n strategie vir belegging moet uitwerk.

"Daar is meer hoop op die lang termyn. As ons kan bewys dat ons goeie bestuur en landsadministrasie toepas, sal ons hulp kry.

"Die boodskap is egter dat ons eers op ons eie bene sal moet staan. Dit is 'n lang, steil, nou en moeisame pad."

## Toerisme

Jannie de Wet, een van die drie parlementêre verteenwoordigers van die blanke Aksie Christelik Nasionaal, is veral ontsteld oor die afname in toerisme tot dusver vanjaar. Hy skryf dit toe aan die buitewereld se algemene persepsie van "onstabiliteit in Suider-Afrika en veral Suid-Afrika" wat tot dusver saam met Namibia as toeriste-pakket bemark is. Wes-Duitsland, wat die grootste persentasie toeriste oplewer, het ook nou Oos-Europa aan sy voete.

Meer as 30 persent van Namibia se inwoners het geen inkomste nie. Werkloosheid is vererger deur die onttrekking van die Suid-Afrikaanse Weermag uit die noorde van die land asook deur die terugkeer van nagenoeg 40 000 uitgewekenes verlede jaar om aan die onafhanklikheidsverkiesing deel te neem.

Oor sy program om werkloosheid te verminder, wil die regering nog min sê. Maar R10 miljoen word in die vooruitsig gestel vir "werkersbrigades". Daar word beoog om die laaste fase van die Oostelike Nasionale Waterdraer, wat water uit die Okavango-rivier in die noorde na die oostelike en sentrale gebiede sal kanaliseer, deur hoofsaaklik hande-arbeid te voltooi om die maksimum mense werk te gee.

Op die oomblik bring die myne nog meer as 60 persent van Namibia, die vyfde grootste mineraleprodusent in Afrika, se buitelandse valuta in. In vakbondkringe word toenemend die vraag gevra of die myne egter 'n regmatige deel van hul werklike en versteekte winste as belasting afstaan. Gesien in die lig van baie grondwetlike waarborge vir die voortbestaan van vakbonde, kan die eise vir nasionalisering oplaai, al is geen stappe nog in die rigting gedoen nie. Gerugte wil dit egter hê dat Goldfields se belange in Namibia, veral dié by Tsumeb, glad nie meer winsgewend is nie en binne vier maande gesluit kan word.

Ook boere begin hulle verpligtinge as werkgewers heroorweeg. Die boerderysektor is by verre die grootste werkverskaffer.

"Die soustrein van subsidieboerdery is verby," sê Charles Moorsom, navorser by die nuutgestigte Namibian Economic Policy Research Unit (Nepru), wat help om 'n ekonomiese beleid vir die land te formuleer.

"Landbankkoerse is nou handelskoerse (wat soos in Suid-Afrika nou by die 20 persent beloop) en daar is nie meer 'n Administrasie vir Blankes om na te hardloop nie." Die Landboukredietraad is ook afgeskaf.

## Grondhervorming

"Ons benodig dringend 'n grondhervormingsbeleid," sê Moorsom. "Herero-veeboere het met die afskaffing van etniese owerhede reeds begin om aggressief weiding in Owambo te soek."

Jones meen 'n Zimbabwe-scenario van gewillige koper en verkoper is die mees voor-die-hand-liggende oplossing.

Nog 'n ekonomiese aspek waaroor baie kommer bestaan, is die amptenary. Die enorme getal staatsamptenare wat vir die instandhouding van die etniese regerings daargestel is, kon nie in die lig van die werkloosheidsituasie summier afgedank word nie, en moes in die nuwe streekadministrasies opgeneem word.

Noudat Namibia sy regmatige gebiedswater van 200 seemyl kon proklameer en beheer oor sy visbron oorneem, het dit die laaste groot hoop geword. "Die diepsee-stokvisbedryf verteenwoordig tot 90 persent van ons visbron se waarde," sê dr Jan Jurgens, direkteur van visserye. "Ons moes al die jare die krummels oppik, maar noudat die tafel gedek is, is die bron in so 'n swak toestand dat tot sewe jaar gewag sal moet word voordat ons grootskaalse vangste kan toelaat."

Groot onsekerheid bestaan nog oor hóé Namibia die bron sal kan benut. "Ons eie mense sal nooit met die buitelanders kan meeding nie," sê Jurgens en verduidelik dat die aankoop van diepsee-treilers en fabriekskepe en bou van verwerkings-aanlegte 'n langtermyn-droom bly.

Gerugte dat die Spanjaarde klaar beheer oor die visbedryf oorgeneem het deur sukkelende plaaslike maatskappye as fronte vir plaaslike indiensneming te gebruik, lê die hele Namibia vol.

Jones sê die land moet 'n doeanediens van die grond af opbou en dit sal nog geruime tyd neem voordat hy werklik 'n inkomste daaruit kan genereer. Die land het pas sy eie sentrale bank ingestel, en hoop om oor twee jaar sy eie geldeenheid, gekoppel aan die rand monetêre standaard, te hê.

Jones meen die R7 biljoen aan skuld sal sonder te veel probleme gedelg kan word, tensy iets "eienaardig" gebeur.

Intussen wonder inwoners waarom Nujoma en sy kabinet baie meer as hulle Suid-Afrikaanse eweknieë verdien en waarom R1,5 miljoen in dié stadium op 'n naamsverandering van die nasionale lugredery (van Namib Air na Air Namibia) bestee moet word.

En waarom is R150 miljoen vir die weermag begroot, terwyl die polisie nie naastenby sterk genoeg is om die groeiende misdaad in die land te bekamp nie?

# Die ANC en NP is vér voor

DIE oorweldigende meerderheid wit respondente in die steekproef - 86 persent - was ten gunste van onderhandelinge, terwyl 76,7 persent swartmense, 78,8 persent bruin mense en 77,7 persent Indiërs hulle ten gunste daarvan uitgespreek het.

Dié navorsing is deur die Institute for Black Research (IBR) hanteer. Dr Saths Cooper van die Departement Sielkunde van die Universiteit van Wes-Kaapland en prof Fatima Meer van die Universiteit van Natal het die navorsing gekoördineer.

Die navorsing is onder 3 874 Suid-Afrikaners van alle provinsies, rasgroepe, en godsdienste gedoen.

Die huidige gesprekke tussen die NP en ANC het gemiddeld 74 persent steun gekry, terwyl 10 persent van al die respondente die gewapende stryd as die beste metode om verandering teweeg te bring, gesien het.

Meer vroue as mans is ten gunste van onderhandelinge terwyl 'n hoër persentasie mans ten gunste van die gewapende stryd is.

Slegs vier persent van die respondente is ten gunste van die driekamerparlement en die tuisland-beleid. Net 7,3 persent van die wit respondente glo daar moet deur die driekamer-parlement en tuislande gewerk word, teenoor 10,4 persent Indiërs, 6 persent bruin mense en 1,7 persent swartmense.

Burgerlike ongehoorsaamheid was die keuse van 9,5 persent om politieke verandering teweeg te bring.

## Vrese

Die grootste meerderheid mense wat onderhandelinge verwerp, sê hulle glo nie dit kan werk nie (32,7 persent), of dat dit nie wit vrese aanspreek nie (3 persent), of stem nie met die prosedure saam nie omdat dit nie verteenwoordigend is nie (15,4 persent) of omdat die vereistes vir onderhandeling nog nie bereik is nie (5,5 persent).

Net sowat 5,7 persent swartmense sê die onderhandelingsproses is nie verteenwoordigend nie, terwyl 4,5 persent witmense so sê.

Die ANC en NP is as die twee belangrikste politieke partye vir onderhandelinge geïdentifiseer en Azapo/BCM (Black Consiousness Movement), die DP en vakbonde (Cosatu, Sactu) as die volgende belangrikste bewegings.

Die ANC het 53 persent steun gekry, die NP 16,9 persent, die DP 7,8 persent, die PAC 2,7 persent, die KP 1,5 persent, Inkatha 1,3 persent en die Arbeiders Party 0,7 persent.

Die SA Kommunisteparty het net 0,9 persent steun getrek. Proporsioneel is die steun vir die SAKP sterker onder Indiërs (1,6 persent) en bruin mense (1,2 persent) as onder swartmense (0,9 persent) en witmense (0,2 persent).

## Sterker

Die hoogste persentasie steun vir die ANC kom van Xhosa-sprekendes (81,3), vergeleke met 73,2 persent van Zoeloesprekendes. Zoeloes het ook meer steun aan die NP (3,3 persent) as die Xhosas (1,5 persent) gegee. Xhosasprekendes steun onderhandelinge ook sterker as Zoeloe-sprekendes - 83 persent teenoor 72 persent.

Persentasiegewys steun Afrikaanssprekendes meer die NP (42,4) as Engelssprekendes (32,2). Dié opname het ook gevind dat 'n groter persentasie Engelssprekendes (26,3 persent) as Afrikaanssprekendes (17,3) die ANC steun.

Die meerderheid witmense steun die NP en DP, maar die helfte meer steun gaan aan die NP as aan die DP. Die KP het 8,6 persent steun gekry en

**Sowat 'n driekwart van Suid-Afrika se mense glo onderhandeling is die beste manier om verandering teweeg te bring, maar daar is steeds 'n kommerwekkende 10 persent wat glo die gewapende stryd moet voortduur. Daar is omtrent net soveel witmense wat die ANC steun as die KP.**

**PEARLIE JOUBERT berig oor die meningsopname waaruit dié gevolgtrekkinge kom**

wit ekstremistiese groepe 1,7 persent. Die AWB het hier die meeste steun gekry met 1,3 persent.

Wit steun aan die ANC is net-net kleiner (7,1 persent) as aan die KP (8,6 persent).

As die eerste staatshoof van die Nuwe Suid-Afrika het Nelson Mandela die meeste steun gekry (41,6 persent), FW de Klerk tweede meeste (26,6 persent) en Gatsha Buthelezi derde meeste (1,9 persent).

## Hani

Thabo Mbeki en Oliver Tambo het albei 1,7 persent steun as staatshoof gekry en Zepth Mothopeng van die PAC 1,4 persent steun. Andries Treurnicht en Chris Hani het onderskeidelik 0,9 en 0,4 persent steun gekry.

Toe mense gevra is om die name van hul keuses as president te gee, het Nelson Mandela die meeste steun gekry met 41, 6 persent en FW de Klerk 23,8 persent.

Ander name wat hier genoem is, is Buthelezi, Joe Slovo, Frederik van Zyl Slabbert, Eugene TerreBlanche, Winnie Mandela, Helen Joseph en John Robbie van Radio 702.

## Organisasies

Die grootste persentasie respondente (66,9) sê verteenwoordigers vir onderhandelinge moet demokraties verkies word terwyl 19,7 persent sê verteenwoordigers moet deur organisasies aangewys word.

Die grootste persentasie respondente (41,3) het ook gesê dat die onderhandelaars met 'n vasgestelde agenda onderhandel terwyl 38,2 persent sê die onderhandelaars moet diskresionêre magte hê en 15,1 persent sê onderhandelaars behoort algehele magte te hê om ooreenkomste te bereik.

Buitestaanders wat met die onderhandelinge betrokke moet wees, is Margaret Thatcher (8,9 persent), George Bush (8,8 persent), Kenneth Kaunda (5,3 persent), Sam Nujoma (5 persent), Robert Mugabe (4,9 persent) Javier Perez de Quellar (4,3 persent) en Mikhail Gorbatsjof (3 persent).


Bykans 7 persent respondente sê 'n gesamentlike taakmag van Umkontho

### Só gewild is hulle


Nelson Mandela - 41 persent



FW de Klerk - 26,6 persent


Mangosuthu Buthelezi - 1,9 persent


Oliver Tambo - 1,7 persent


Zeph Mothopeng - 1,4 persent


Joe Slovo - 1,1 persent


Pik Botha - 1,1 persent


Walter Sisulu - 0,9 persent


Andries Treurnicht - 0,9 persent

we Sizwe, die Azanians People's Liberation Army en die SA Weermag moet die implementering van die onderhandelinge monitor. Slegs 0,8 persent respondente sê die VVO moet dié proses monitor.

Slegs 'n klein meerderheid respondente (50,8 persent) is optimisties dat ekonomiese gelykheid saam met politieke gelykheid sal kom. Witmense was meer optimisties hieroor as swartmense.

'n Groter persentasie respondente (48,6 persent) is ook ten gunste van 'n sosialistiese eerder as 'n kapitalistiese samelewing (32,1 persent). 'n Oorweldigende persentasie witmense (58,9 persent) is ten gunste van 'n kapitalistiese stelsel teenoor swartmense (34,9 persent) terwyl 42,9 persent respondente ten gunste van 'n vryemarkstelsel is.

## Witmense

Bykans 66 persent swartmense is gekant teen die beskerming van minderheidsregte teenoor net 21,2 persent witmense. Die oorgrote meerderheid respondente (63,3 persent) verwerp die idee van die beskerming van etniese groepe terwyl 38,1 persent respondente ten gunste van proporsionele verteenwoordiging in 'n enkelkamer-parlement is.

Die oorgrote persentasie respondente (64,2) wil nie Suid-Afrika se naam verander nie, maar 23,8 persent voel dit is nodig. Azania was die keuse van 8,1 persent. Die meerderheid respondente (50,5 persent) wil hê die volkslied moet na Nkosi Sikel'iAfrika verander terwyl net 10 persent Die Stem wil behou.

## Polisie

Byna 57 persent respondente sê Suid-Afrika is 'n gewelddadige samelewing waarvan 80,1 persent apartheid, die regering, die SA polisie en weermag vir die geweld verantwoordelik hou. Meer Engelssprekendes (58,2 persent) as Afrikaanssprekendes (41,6 persent) beskou Suid-Afrika as 'n gewelddadige samelewing.

Die hoogste persentasie respondente (27) meen dat die geweld opgelos kan word deur gesamentlike optrede deur leiers van alle groepe. Gesamentlike optrede van Buthelezi en Mandela is voorgestel deur 12 persent terwyl 16,5 persent respondente voel dat net 'n nuwe regering die geweld kan stopsit en 13 persent sê die geweld kan opgelos word deur hervormings wat armoede sal uitwis en genoegsame behuising en grond aan alle mense beskikbaar sal stel.

Ongeveer 16 persent respondente het hardhandige aksie, aanhouding en onpartydige polisie-optrede voorgestel as beëindiging vir die geweld.

Die grootste persentasie respondente (47,3) is optimisties oor die toekoms terwyl 13,2 persent onseker is. Mense is optimisties omdat hulle meen daar is positiewe veranderinge in die land (66,1 persent). 'n Aansienlike aantal respondente is pessimisties oor die toekoms omdat hulle dink veranderinge gebeur te stadig of te min verandering vind plaas.

## Beskerming

Die meerderheid respondente wil gelyke stemreg hê vir 'n nie-rassige enkelkamer-parlement, (swartmense 91 persent, bruin mense 84 persent, Indiërs 72 persent en witmense 55 persent). 'n Aansienlike persentasie (21) van alle respondente sê hulle wil een of ander vorm van beskerming teen rassediskriminasie hê.

Ongeveer 73 persent swartmense, 42 persent witmense, 62,5 persent Indiërs en 63,3 persent bruin mense is ten gunste van 'n vrye keuse om gemengde skole of eksklusiewe woongebiede en skole te hê.

Onder die witmense is daar 2,5 persent steun vir geweld, swartmense 19,9 persent, Indiërs 4,5 persent en bruin mense 5 persent.

# Charismatiese moralis, revolusionêre soldaat of apokaliptiese profeet?

**Die man van Galilea was volgens die Evangelie van Markus die eerste om te vra: "Wie sê julle is ek?" Dit is met dié vraag wat sy volgelinge, draaiboekskrywers en geleerdes na 2 000 jaar steeds worstel. INA VAN DER LINDE worstel saam**

*'Wie sê julle is ek?' het Jesus self gevra. En daar het die debat al begin*

HET Jesus op 'n dag uit die woestyn gestap, die stof van sy voete afgeskud en begin om 'n sagmoedige boodskap van liefde en vrede te predik? Of was hy 'n charismatiese moralis wat die armes en die ellendiges wou bemoedig? Was hy moontlik 'n revolusionêre soldaat wat by Umkhonto We Sizwe sou aansluit? Of was hy 'n apokaliptiese profeet wat die mensdom wou maan om hulle te bekeer want die einde is naby?

Terwyl die debat oor die historiese Jesus - die Jesus wat in Galilea gewoon het tot en met sy kruisiging op Golgota - al dekades lank in Europa en Amerika aan die gang is, het dit in Suid-Afrika nog nie werklik van die grond af gekom nie.

Een van die redes hiervoor, sê prof Andrie du Toit van die NG Kerk se teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, is dat "ons uit 'n fundamentalistiese verlede kom en gevolglik is die vrae vir mense bietjie van 'n bedreiging".

Verlede week het prof Willem Vorster van die Instituut vir Teologiese Navorsing aan Unisa dié onderwerp op 'n openbare lesing aangeroer en 'n hele paar mense ontstel. Wat weer eens toon dat die warm emosies wat deur die eeue kruistogte ontketen het, steeds net onder die oppervlakte lê wanneer aan tradisionele konsepte oor die mens Jesus getorring word.

Sê Vorster: "Daar is 'n gapende afgrond tussen wetenskaplike navorsing en dit waaraan die man in die straat glo."

## Betroubaarheid van die evangelies

Die soeke na die geskiedkundige Jesus hang saam met die fundamentele vraag na die betroubaarheid van die sinoptiese evangelies van die Bybel: Mattheus, Markus, Lukas en Johannes.

Behalwe vir enkele verwysings in ander antieke dokumente, is die Nuwe Testament steeds die enigste bron van inligting oor die invloedrykste mens wat ooit geleef het.

Nuwe Testamentici stem in die algemeen saam dat die vier Evangelies 40 jaar en selfs later ná Jesus se kruisdood geskryf is. Daar word ook saamgestem dat die evangelieskrywers nie daarop uit was om noukeurige geskiedkundige aantekeninge te maak wat aan moderne eise van die wetenskap voldoen nie.

**'Markus het sekere van die materiaal wat hy oor Jesus geskryf het en aan Jesus toegedig het, self uitgedink. Ander evangelies het by Markus kom leen'**

"Vroeë Christene het nie die vrese oor 'geskiedkundige korrektheid' gehad wat ons vandag mee sit nie," sê Vorster.

Die Bybelskrywers was deurdrenk met geloof in Jesus en dis vanuit dié oogpunt wat hulle geskryf het. Hulle het deur 'n bril gekyk na die aardse Jesus en die bril was gekleur deur sy opstanding en hemelvaart. Objektiewe waarnemers was hulle dus nie.

Die soeke na die geskiedkundige Jesus waarmee in die jare 1778 'n huiwerige begin gemaak is, is teen die einde van die 19e eeu en begin van die 20e eeu tydelik beëindig.

Teoloë, waaronder Albert Schweitzer, het byvoorbeeld gesê die evangelies is geskryf vanuit die perspektief van geloof in Jesus en nie vanuit die perspektief van die geskiedkundige Jesus nie. Die Jesus van die geloof is dus waaroor dit gaan, terwyl die geskiedkundige Jesus nie van belang is nie.

Sedert 1953 was daar opnuut gevra na Jesus die Jood, wat in Galilea gewoon het.

Die verskillende beelde van wie Jesus was, moet gesoek word in die aard van die bronne wat oor Hom bestaan. Tot aan die begin van dié eeu is gemeen dat die Markus-evangelie die oudste van die vier is en dat dit 'n betroubare prentjie skilder van wie Jesus werklik was. Vandag word algemeen aanvaar dat Markus, soos die ander evangelies, 'n beeld van Jesus gee wat deur die skrywer vir 'n spesifieke gehoor en met 'n spesifieke oogmerk geskryf is.

Dit is nie bekend of Markus sekere gekrewe materiaal tot sy beskikking gehad het en of hy grootliks op mondelinge oorlewerings moes vertrou nie. "Hy het ook sekere van die materiaal wat hy oor Jesus geskryf het en aan Jesus toegedig het, self uitgedink," sê Vorster.

Ander evangelies het by Markus kom leen, is gemeen. Vandag word geglo dat daar ook 'n versameling "Jesus-gesegdes" was wat deur al vier die skrywers as bron gebruik is. Dit staan bekend as die hipotetiese bron Q (van die Duitse woord "Quelle").

Argeologiese ontdekkings het ook bygedra tot die kennis oor Nuwe Testamentiese gebeure. So het 'n inskripsie wat in 1961 in Caesarea oopgegrawe is, bevestig dat Pilatus 'n eerste eeuse Romeinse goewerneur was.

Nog 'n belangrike ontdekking was die sogenaamde Thomas-evangelie, wat deel uitgemaak het van die Nag-hamnadi-dokumente wat in 1947 in die omgewing van die Dooie See gevind is. Die Thomas-evangelie bevat heelwat van die "Jesus-gesegdes" wat ooreenstem met Q.

Die teoloog James M Robinson, direkteur van die Clarement Institute for Antiquity and Christianity, gebruik byvoorbeeld bogenoemde dokument om sy siening te staaf dat Jesus 'n soort charismatiese leraar was wat van die wêreld 'n beter plek wou maak.

Die pogings deur moderne geleerdes om die ware, geskiedkundige Galileër onder die verflae van die eeue uit te haal - die proses staan bekend as die histories-kritiese metode - het 'n hele paar ongewone sienings van Jesus na vore gebring.

Vorster konsentreer veral op twee, naamlik die historiese Jesus as 'n eskatologiese profeet wat die einde van die wêreld verwag het en die oordeel van God sien kom het, en Jesus as 'n wysheidsleraar wat mense wou leer om 'n meer betekenisvolle lewe te lei deur hulle waardestelsels te verander.



## Eskatologiese profeet

Die Jesus wat deur mense soos die befaamde sendeling Albert Schweitzer geskilder is, het 'n duidelik visie gehad van die aanbreek van die einde van die wêreld. Eskatologie het te make met die laaste dinge, en verwys na die Joodse verwagtinge van daardie tyd dat die wêreld tot 'n einde sal kom, die laaste oordeel sal volg, heropbou gaan plaasvind en 'n nuwe tydperk dan sal aanbreek.


Hy is duidelik beïnvloed deur Johannes die Doper se oproepe tot bekering.

Uitsprake van Johannes die Doper soos weergegee deur Mattheus word gesien as 'n verwysing na die oordeel wat gaan kom, soos die byl wat reeds aan die wortel van die bome lê, die dorsvloer wat skoongemaak moet word, en die koring wat in die skuur geberg sal word terwyl die kaf verbrand sal word, is voorbeelde hiervan.

Schweitzer het geglo dat Jesus se hele lewe, werk en leer gerig was op 'n verwagting dat die einde van die wêreld gaan aanbreek. Dit het ook Jesus se etiese leer beïnvloed, sodat Schweitzer gepraat het van Jesus se "interim-etiek" - 'n soort nood-etiek totdat die wêreld in rook en vlamme sou opgaan.

Die begrip "koninkryk van God" staan sentraal in die eskatologiese verwagtinge van Jesus, sê nog 'n teoloog, CH Dodd, maar hy meen dat die koninkryk vir Jesus reeds teenwoordig was in sy werk op aarde.

'n Teoloog soos Ed Sanders van Oxford beweer dat Jesus verwag het dat die koninkryk in die nabye toekoms sou aanbreek en dat hulle 'n belangrike rol in die heropbou van die koninkryk sou speel. Na sy dood het die dissipels binne dié raamwerk voortgegaan.



**Die wêreld oor, selfs in Afrika, word Jesus voorgestel as 'n Ariese man met blonde hare en 'n baard - en dit terwyl alle antropologiese getuienis daarop dui dat hy sterk blas van vel moes gewees het met swart hare en 'n swart baard. Dié plakkaat van Jesus wat sy hand hou oor die bekende Siamese tweeling, Mpho en Mphonyana, het soos soetkoek in die Randse townships verkoop. Die voorbladskildery en die een saam met Maria, wat meer Rooms is, is ook baie gewild. Die ander tekening is soos meeste Suid-Afrikaanse kinders Jesus in die Kinderbybel leer ken het.**

## Wysheidsleraar

Vorster wys daarop dat baie van Jesus se gelykenisse, metafore, en vertellinge in aforistiese vorm is, dws kernagtige waarhede oor die lewe. Mattheus as voorbeeld: "Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar..."

Of: "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees..."

Wysheid strek van die praktiese vermoëns van 'n vakman tot die kuns om te regeer, die vermoë om die lewe te hanteer en die navolging van etiese gedrag. Wysheid, sê Vorster, kom van God en word met die skepping en die Wet in die Ou Testament geassosieer.

Hoe verklaar hulle die begrip "koninkryk van God" - wat 'n belangrike argument in die eskatologiese siening van Jesus is?

Vorster sê daar is konsensus dat die begrip bloot die "heerskappy van God" beteken.

Burton Mack, 'n kollega van Robinson, beweer dat die eskatologiese interpretasie wat Markus aan die begrip koninkryk gee, swaar leun op Markus se eie apokaliptiese verwagtinge. Die begrip "koninkryk" is 'n metafoor vir soewereiniteit, vryheid en vertroue.

Jesus se sending, sê Vorster, was om mense in 'n nuwe waardestelsel te onderrig. Hy bied 'n simboliese werklikheid vir mense in nood, wat verlore is en onderdruk word.

Vorster eindig sy referaat as volg: "Jesus se leer was radikaal. Dit was nie revolusionêr in die moderne sin van die woord nie. Die Romeine het hom misverstaan as iemand wat hom as 'n messias voordoen, en wat 'n gevaar vir die Ryk inhou, en hy is doodgemaak aan die kruis.

"Na sy dood is hy weens sy betekenis vir sy volgelinge in verskillende rolle geplaas. Voor sy dood het hy mense deur sy leerstellinge in staat gestel om die lewe te kan hanteer en om 'n lewenstyl na te volg wat in ooreenstemming is met sy persepsie van die wil van God," aldus Vorster.



## Onbeantwoorde vrae

Die twee modelle laat gelowiges met meer vrae as antwoorde. Beteken dit dat Jesus die wysheidsleraar vir die eskatologiese Jesus met dit wat daarmee saamgaan, soos die opstanding en die hemelvaart, uitskakel?

Nee, sê Vorster, hoewel hy "meer oorleun" na laasgenoemde Jesus, staan die twee nie teenoor mekaar nie, maar vul mekaar eerder aan.

"Al vraag wat ek wil aanspreek, is watter rol Jesus in die eerste eeuse maatskappy gespeel het. Ek kan hom nie in die rol van 'n hedendaagse revolusionêr of politieke agitator inpas nie, maar wel in die rol van iemand wat 'n geweldige invloed op die maatskappy kon gehad het deur 'n nuwe waardesisteem wat hy verkondig het."

Oor bogenoemde modelle sê Du Toit: Wetenskaplike diskussies en teorieë oor Jesus kan mens se insig verdiep en verryk, maar kan ook "dwaalspore" wees. Om dié rede moet dit nie te ernstig opgeneem word nie.

Selfs die twee modelle gesamentlik sou nie die volle Jesus van Nasaret kon vasvang nie, sê Du Toit. Dit verklaar byvoorbeeld nie die Jesus wat genees, of duiwels uitdryf nie.

"Jesus het deur die eeue talle sulke teorieë oorleef... Jesus laat Hom nie klassifiseer nie. Ons teorievormings sal kom en gaan, maar Jesus sal bly."

Die wyse waarop geleerdes die evangelies probeer ontrafel, hou sekere spesifieke probleme vir die georganiseerde godsdiens en die gewone kerkganger in. Soos die implisiete aanname dat die evangelies te kompleks vir die gewone leser is om behoorlik te verstaan.

Die vraag is ook of die soeke na die geskiedkundige Jesus enige relevansie vir gelowiges het - gelowiges wat wel omgee vir die geskiedkundige Jesus, maar wil hê dat Hy moet klop met die Jesus waarin húlle glo?

Vorster sê godsdiens kan nie die wêreld se armoede of politieke probleme oplos nie, maar dit kan wel gelowiges leer om bepaalde lewenswaardes in hul daaglikse omgang met mense te hê. Deur die geskiedkundige Jesus as, byvoorbeeld, wysheidsleraar te herontdek en vir die gewone kerkganger deur te gee, kan die besef deurdring dat geloof nie 'n ontvlugting is uit die lewe nie, maar implikasies het vir die daaglikse lewe.



Vrye Weekblad, 31 Augustus 1990

## *Kaste-oorlog dreig in Indië*

# Regering in onguns oor omstrede kwotabeleid

**NARAYAN SWAMY**

NIEU DELHI - Indië se minderheidsregering word onder toenemende druk geplaas om sy beleid van werkreservering vir laer kaste - dié beleid wat die land se grootste studente-opstand in vyftien jaar ontlont het - te skrap.

Koerante en politici waarsku dat die omstrede kwotastelsel, waarvolgens werksgeleenthede aan miljoene minderbevoorregtes volgens hul stande gegee word, tot 'n bloedige kaste-oorlog kan lei.

Die regering is self verdeeld oor die implementering van die beleid. Skaars drie weke gelede het die regering aangekondig dat 49,5 persent van alle werksgeleenthede in die regering en die private sektor vir die sogenaamd laer kaste uitgehou word.

Bykans alle godsdienste in Indië is volgens kaste en sub-kaste verdeel. Dié verdeling word strenger onder die Hindoe-gemeenskap toegepas. Die grootskaalse studenteprotes teen die kwotastelsel het in ongeveer 40 dorpe opgevlam, en selfs die linkse en regse bondgenote van VP Singh se regering sover gebring om hulle van dié beleid te distansieer.

"Daar is mense in die regering wat glo enige toename in die studenteprotes is nie wenslik nie," sê Kedar Nath Sahni, 'n leier van die regse Bharatiya-party en bondgenoot van die regering.

"Dit is nodig dat die regering met die mense en die studente praat en alle partye na 'n ontmoeting uitnooi sodat konsensus bereik kan word. Dit is 'n baie sensitiewe saak," sê hy.

Sahni se uitspraak volg 'n dag na vier ministers van die nasionale frontregering die eerste minister gekritiseer het vir die aankondiging van die kwotastelsels sonder om sy bondgenote in die saak te ken.

Die meeste kritici van die regeringsbeleid sê dat werkskwotas - as dit dan moet - volgens ekonomiese riglyne vasgestel behoort te word, terwyl studente glo dié stelsel ondermyn meriete.

Singh het Woensdag 'n terugslag beleef toe die hoofminister van die Orissa-staat wat deur die Janata Dal beheer word, gesê het dat alleenlik ekonomiese kriteria werkskwotas in sy oostelike provinsie sal bepaal.

Regeringsbronne sê hulle het nooit soveel teenkanting teen die besluit, om 49,5 persent van alle werksgeleenthede aan die laer kaste toe te ken, verwag het nie.

Tienduisende studente, insluitende skoliere, het die afgelope drie weke die strate van Nieu Delhi en agt ander stede oorgeneem - staking na staking het die lewe vir drie weke omvergegooi. Die noorde van Indië, waar die kasteverskille die ergste is, is veral geraak. Buskapings, spoorweg- en padversperrings, en botsings met veiligheidsmagte was aan die orde van die dag. Agt mense is dood en honderd beseer in opstande wat steeds voortduur. In Nieu Delhi het die owerhede reeds 3 500 skole gesluit en die drie universiteite versoek om ook te sluit, in 'n wanhopige poging om die studente se mag te breek in die grootste studente-opstand sedert 1974-75.

Gedurende dié twee jaar het duisende studente in talle stede teen die regering van Indira Gandhi geprotesteer, maar daar was egter nie die gesamentlike deelname van skoliere nie. Die grootste vrees op die oomblik is dat die opstand in 'n volskaalse kaste-oorlog kan uitloop - veral nadat regeringsministers 'n beroep op die laer kaste gedoen het om op die studenteproteste te reageer. Die Indian Express waarsku dat die gevolg 'n bloedige kaste-oorlog kan wees, en dat die polisiemag dit nie sal kan keer nie. Die Express het oornag van 'n onbeskaamde pro-Singh-beleid na 'n anti-Singh-dagblad verander as gevolg van die regering se kwotabeleid. - AFP



**Dié studente in Nieu Delhi het 'n bus gekaap en dring daarop aan dat die regering die kwotastelsel, waarvolgens 49 persent van alle regeringsposte vir die laer kaste gereserveer word, geskrap word.** *(Foto: AP)*

# Toerisme-revolusie in Oos-Europa

**BERNARD MAIXNER**

PRAAG - Toeriste is besig is om post-kommunistiese Tsjeggo-Slowakye te oorval, die swartmark daar te oorvoed en dié land se beperkte toeriste-geriewe onder druk te plaas.

Van nuuskierige Amerikaners gretig om geskiedkundige Praag te ervaar tot skarrelende Pole op soek na winskopies op die swartmark - het toeriste dié land sedert die begin van die jaar in rekord-getalle binnegestroom. Tussen Januarie en Julie vanjaar het 17,5 miljoen buitelanders Tsjeggo-Slowakye besoek. Altesame 13 miljoen van dié mense is uit gewese kommunistiese lande in Oos-Europa: twee keer die totaal van die vorige jaar.

Die oorblywende 4,5 miljoen is uit die Weste afkomstig: vyf keer die totaal vir 1989. Wes-Duitsers en Oostenrykers alleen sorg vir tweederdes van dié getal, maar proporsioneel is hulle getalle besig om te daal soos die Italianers, Spanjaarde en Franse se getalle toeneem.

Volgens die Tsjeggiese departement van handel en toerisme stel die meeste Oos-Europeërs nie daarin belang om die middeleeuse geboue te besoek nie, maar om verbruikersgoedere te koop en op die swartmark handel te dryf.

Hoewel die stroom toeriste miljoene dollar vir die staat beteken, is die owerhede besorg oor die tekort aan restaurante en hotelle in die land. Hotelbesprekings in Praag moet maande vooruit gedoen word en dit is so te sê onmoontlik om plek in 'n restaurant te kry sonder om te bespreek.

Dié tekort aan hotelkamers het daartoe gelei dat talle gesinne nou kamers verhuur - iets wat onder die kommuniste streng verbied was.

Geldwisselaars op die swartmark floreer want die owerhede oorskat steeds die waarde van die plaaslike geldeenheid.

Straatwisselaars bied Westerse toeriste omtrent 50 persent meer as die banke, en Tsjegge wat oorsee gaan, wend hulle ook tot die straatwisselaars. Om die opbloei van die swartmark te probeer bekamp, het die Tsjeggiese regering verlede maand 'n amptelike veiling van die Duitse mark gehou - die gesogte geldeenheid in dié land.

Ses miljoen Tsjegge, uit 'n bevolking van 15,5 miljoen, het in die eerste ses maande van dié jaar na die buiteland gereis. Drie keer meer as die totaal vir die hele 1989.

Die meeste van dié besoeke was eendag-besoeke aan Duitsland, Oostenryk en Hongarye.

* Intussen beleef Wes-Europa 'n revolusie in die kleine as gevolg van al die toeriste uit Oos-Europa.

'n Tradisionele toeristestad soos Venisië, wat volgens amptenare 70 000 toeriste per dag kan akkommodeer, word veral in die naweke deur busvragte vol besoekers oorval.

Kafee-eienaars in Venisië sit met hulle hande in die hare want die besoekers uit Oos-Europa sit op die pleine en ander openbare plekke en eet toebroodjies wat hulle van die huis af gebring het. Hulle het nie juis geld om te spandeer nie.

Die afgelope paar naweke was daar meer as 100 000 toeriste in die stad alleen.

Vakansiebestemmings in Oos-Europa loop ook deur. Pryse het die hoogte ingeskiet, en verskeie tradisionele vakansieplekke is heeltemal leeg.

Volgens die burgemeester van Karlovy Vary, 'n warmwaterbron in Tsjeggo-Slowakye, is die hotelle leeg. Oos- en Wes-Duitsers het mekaar in die verlede op dié dorpie ontmoet, maar nou is die gras groener aan die Weste kant. - AFP

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

**Hoof: Mediadienste**

Aansoeke word ingewag vir die pos van Hoof: Mediadienste in die Universiteit se Afdeling Openbare Betrekkinge. Die aanstelling is vanaf 1 November 1990 of so gou moontlik daarna.

Die suksesvolle aansoeker sal aan die hoof staan van 'n klein afdeling wat verantwoordelik is vir die produksie van 'n interne weekblad, die tweejaarlikse tydskrif UCT News en ander publikasies; dienste aan die media lewer in verband met universiteitsnuus; en 'n bydrae maak tot die Universiteit se skakelwerk. U sal aan die Direkteur Openbare Betrekkinge verslag doen.

U moet oor 'n graad beskik en/of moes voorheen by 'n universiteit gewerk het. Ervaring op die gebied van joernalistiek of maatskappykommunikasie sal tot u voordeel strek.

Die salarisskaal is R23 532 tot R40 632 per jaar. Die pos bied ook aantreklike byvoordele.

Aansoeke met 'n volledige curriculum vitae en die name en adresse van twee referente moet voor 14 September 1990 gerig word aan die Aanstellingsbeampte, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700; telefoon (021) 650-2192; faks (021) 650-2138, van wie nader besonderhede ook beskikbaar is.

Aansoekers word ongeag ras, geslag of geloof oorweeg.

C69555/1250R

Work In Progress

Applications are invited for the post of

Editor, Work In Progress.

This senior post involves management of the editorial process, liaison with contributors and co-ordination of production.

A competitive salary and the usual benefits are offered.

Applications in writing, together with a CV and the names and addresses of two referees, to
SARS
PO Box 32716
Braamfontein, Johannesburg
2017

before 15 September.
Fax: (011)403-2534

Work In Progress

Applications are invited for the post of

Manager

The successful applicant will assume overall management of SARS (which publishes *Work In Progress*), supervise staff, and liaise between administrative and editorial personnel.

A competitive salary and the usual benefits are offered.

Applications in writing, together with a CV and the names and addresses of two referees, to
SARS
PO Box 32716
Braamfontein, Johannesburg
2017

before 15 September.
Fax: (011)403-2534

## Olie vir Amerika

# 'n Weermag om die swart goud te beskerm

PATRICK FILLEUX

DHAHRAN - Die ontplooiing van Amerikaanse troepe in Saoedi-Arabië moes eerder die "olie-buffer" as die "woestyn-buffer" geheet het, want dié derduisende Amerikaanse troepe sit letterlik op 'n kwart van die wêreld se bekende oliereserwes.

Die grootste hoeveelheid van Saoedi-Arabië se swart goud lê onder die vuurwarm woestynsand in 'n gebied wat 500 kilometer lank en 250 kilometer breed is.

Saoedi-Arabië se bekende reserwes bevat meer as 250 biljoen vate en na raming is daar nog 450 biljoen vate in onontginde reserwes in die land - genoeg om in die huidige verbruikers-aanvraag van die wêreld te voorsien.

Irak en Koeweit (wat steeds deur Irak beset word) beskik oor die tweede en derde grootste reserwes in die wêreld.

Een van die hoofredes agter Amerika se militêre ontplooiing in die Golf na Irak se inval in Koeweit op 2 Augustus, was sodat Saoedi-Arabië met sy produksie van vyf miljoen vate olie per dag kon voortgaan - 'n kwart van Saoedi-Arabië se olie word na Amerika uitgevoer.

Amerika het drie weke gelede begin met die ontplooiing van sowat 50 000 lug- en grondtroepe as deel van 'n multi-nasionale buffer om die moontlike hebsug van Irak teen te staan.

Die Saoedi-beheerde Arabies-Amerikaanse olie-maatskappy, Aramco, in Dhahran beheer 'n groot gedeelte van die koninkryk se rykdom.

Maar dit wil voorkom of die dreigement van 'n oorlog in die Golf Aramco ontgaan het.

Sake gaan voort soos gewoonlik en net 'n paar buitelandse werkers het besluit om die land te verlaat, ondanks die ontplooiing van Amerikaanse troepe.

Die meeste van die 43 000 personeellede - waarvan die meeste Saoedi-Arabiere - werk steeds by Aramco se 858 olieputte.

Aramca is 'n stad binne 'n stad met sy bevolking van 10 000, 'n universiteit, 'n hospitaal, 'n gholf- en tennisbaan, supermarkte, swembaddens, 'n televisie-en twee radio-stasies.

Dié selfonderhoudende gemeenskap is oor 'n gebied 30 kilometer versprei en dié gebied word gekenmerk deur sy Kalifornië-styl huise, groen grasperke en tuine.

Die binnekant van die kompleks herinner aan Fort Knox.

Spesiale maatskappy-polisie in blou uniforms bewaak die ingange na die kompleks. Doringdraad, uitkykposte en versterkte staalhekke - spesiaal ontwerp om voertuigbomaanvalle af te weer - beskerm die geboue op die perseel.

Die eerste Amerikaanse prospekteerders het in September 1933 in Dhahran aangekom. 'n Paar maande later het die Saoedi-regering 'n konsessie om te boor aan Standard Oil van Kalifornië toegestaan.

Vyf jaar en sewe olieputte later het die olie in die woestyn begin vloei.

Olieput nommer sewe lewer vandag nog honderde vate ruolie per dag. - AFP



Amerikaanse soldate van 24 Infanterie Divisie wat dié week in Saoedi-Arabië aangekom het as deel van Operasie Woestynbuffer *(Foto: AP)*

# 'Na 45 jaar skrik die wêreld wakker'

ANNE PENKETH

PARYS - Die Franse eerste minister, Michel Rocard, met die Golf-krisis in gedagte, het dié week daarop gewys dat 'n toenemende rol deur die VVO die Palestynse en Lebanese krisisse kan oplos.

"Ons moet reeds aan die gevolge van die Golf-krisis dink," het hy tydens 'n noodvergadering van die Franse parlement dié week, wat op die Golf-krisis gefokus het, gesê.

Met verwysing na die eenstemmigheid van die internasionale gemeenskap se reaksie op die Veiligheidsraad van die VVO se besluit om Irak te boikot, het Rocard gesê: "Die internasionale gemeenskap is na 45 jaar se lamheid besig om wakker te word.

"Miskien is die VVO besig om dié mag te word wat dit oorspronklik beplan was om te wees," het hy bygevoeg.

Rocard sê die internasionale gemeenskap kon in die verlede nie daarin slaag om ander VVO-resolusies af te dwing nie - veral dié met betrekking tot die Israeli-besette gebiede en die soewereiniteit van Lebanon.

"Die Palestynse vraagstuk was nog altyd 'n wond vir die Arabiere. 'n Pynlike, kloppende wond wat ons verstaan. Oor dié vraagstuk het die VVO-veiligheidsraad ook resolusies aanvaar.

"Ons moet die moed hê om te erken dat, veral in Israel se geval, die internasionale gemeenskap nie dieselfde geesdrif aan die dag gelê het om dit te implementeer nie. Dieselfde kan van Lebanon gesê word."

Betreffende die Palestynse probleem, het die Veiligheidsraad Resolusies 242 en 338 aanvaar. Resolusie 242 is reeds in 1967 aanvaar en 'n beroep op Israel gedoen om uit die besette Wes-Oewer en Gaza-strook te onttrek.

'n Israeli-onttrekking uit Lebanon is ook geëis.

Dit kom voor of Rocard se opmerkings daarop gemik is om Frankryk se vennote in die Arabiese wêreld gerus te stel, meen kenners. Tydens die debat, wat feitlik deurgaans eenparig deur die Franse parlementslede gesteun is, is daar ook klem gelê op die "geskiedkundige verbintenisse" met die Midde-Ooste.

Volgens 'n verklaring dié week deur die Franse departement van buitelandse sake gaan Frankryk en sy Europese vennote die Veiligheidsraad vra om op te tree teen Irak se omverwerping van buitelandse ambassades in Koeweit.

Volgens die verklaring gaan Frankryk ook versoek dat "'n VVO-sending na Koeweit gestuur word om die normale funksionering van die diplomatieke sendings daar te bewerkstellig" - AFP



Koning Hoessein van Jordanië en die leier van Libië, Moammar Gadhaffi inspekteer 'n erewag in Tripoli. *(Foto: AP)*

# Irak bedel melk en medisyne

BAGDAD - Irak is besig om die internasionale handelsverbod teen hom te voel.

Vanaf dié naweek word basiese voedsel gerantsoeneer, en volgens Isin Celebi, die Turkse minister van binnelandse sake, het Irak dié land gevra om medisyne en melk vir babas te voorsien om die tekort aan te vul.

Honderde komitees regoor Irak is in die lewe geroep om rantsoenkoepons vir rys, meelblom, suiker, tee en olie aan Irakese families uit te reik. Geen besonderhede oor die hoeveelhede is bekend nie.

Staatsbeheerde sentra gaan in die "volgende paar maande" die enigste afsetgebiede wees vir dié voedselsoorte wat teen gesubsidieerde pryse verkoop sal word, volgens amptenare.

Die rantsoeneringstrategie is ontwerp om "die vyandige plan van die Amerikaanse administrasie, om Irak te dwing om voor die imperialisme te buig", te omseil, sê 'n amptenaar.

Op 12 Augustus het pres Saddam Hoessein 'n beroep op die mense van Irak gedoen om te spaar en hul voedselverbruik te verminder. Die owerhede het ook gewaarsku dat opgaarders tereg gestel sal word.


Volgens Amerikaanse handelskenners kan Irak agt maande uithou indien alle invoere heeltemal tot stilstand kom. Sedert 1 Julie het Irak reeds 400 000 ton mielies en 100 000 ton ander graansoorte ingevoer.

Voor die handelsverbod op 6 Augustus van krag geword het, was Amerika een van Irak se grootste graanvoorsieners.

Celebi het dié week gesê dat sy regering nie van plan is om die handelsverbod te verbreek nie. - AFP

*Adjunk-minister Wessels se boetedoening in die vreemde*

# Apartheid het ons land en sy mense verwond



**Die adjunk-minister van Buitelandse Sake, LEON WESSELS, het vandeesweek 'n belangwekkende toespraak met die tema: "After Apartheid: Blacks and whites in a new South Africa" in Oslo in Noorweë gehou. Wessels, wat 'n platform met die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, gedeel het, het sy skuld aan die "immorele en onregverdige" apartheidsbestel bely en gesê daar is nou net een pad vir Suid-Afrika: 'n onderhandelde en vrye demokrasie. Hier is 'n vertaalde verwerking van sy toespraak.**

DIT is met verwondering wat 'n mens na die hedendaagse verhouding tussen Suid-Afrika en ander lande op die kontinent van Afrika kyk. Die dae toe daar na die Suid-Afrikaanse regering verwys is as die "gehate apartheidsregime", is verby.

Dit gebeur al hoe meer dat ander leiers van Afrika 'n hand na hul susterland aan die suidpunt van Afrika uitreik en sê: "Gaan aan met die oplossing van julle probleme. Ons gaan die dag verwelkom wanneer ons openlik met julle kan assosieer en handeldryf."

'n Verskeidenheid van aspekte wat nog deur Afrika ontdek en verwerk word, word reeds as 'n gegewe deur die meeste Suid-Afrikaners aanvaar: die noodsaaklikheid van 'n demokratiese veelparty-stelsel, 'n handves van menseregte en vryheid van spraak en die reg tot vreedsame protes is maar net enkeles.

Daar is geen twyfel nie dat 'n ongeëwenaarde transformasie hom tans in Suid-Afrika afspeel. Ek wil graag dié transformasie illustreer aan die hand van my eie, persoonlike ondervinding.

Ek het in 1978 parlementslid geword en kan vandag terugkyk op talle gebeure wat 'n diepgaande wantroue tot gevolg gehad het en ons geliefde land gepolariseer het.

In daardie tyd het die regering gefokus op die totstandkoming van 'n konfederasie van state, swartmense as nie-permanente inwoners van Suid-Afrika, geen burgerskap vir swartmense, geen swart vakbonde, streng beperkings op die bewegingsvryheid van swartmense, geen huwelike tussen verskillende rasse en geen politieke regte vir swartmense in sogenaamde "wit" Suid-Afrika nie.

As ek terugkyk na dié bietjie meer as 'n dekade, is dit vir my moeilik om te glo dat hierdie toestand hom in die laaste helfte van die 20e eeu in my land kon afspeel.

Die referendum van 1983 onder wit kiesers het tot beperkte hervormings in die nuwe grondwet gelei wat in 1984 ingestel is. Dit het tot gevolg gehad dat sogenaamde Kleurlinge en Indiërs parlementêre verteenwoordiging gekry het; die verbod op gemengde huwelike afgeskaf is; swart vakbonde gewettig is; sport gedesegregeer is; Suid-Afrikaanse burgerskap van swartmense herstel is; instromingsbeheer afgeskaf is; die totstandkoming van veelrassige provinsiale owerhede; volle eiendomsregte vir swartmense en die desegregasie van openbare geriewe en sakedistrikte.

Wat ek toe as belangrike en grootskaalse veranderings beskou het, weet ons nou was net halfhartige pogings tot hervorming. Omdat ons erns met hervorming nie tot sy volle konsekwensies deurgevoer is nie, het ons opgeëindig met al die trauma wat teweeg gebring is deur polarisasie en geweld wat hoofsaaklik gerig was teen gesagsimbole.

Apartheid was 'n verskriklike fout wat ons land en sy mense verwond het. Apartheid in al sy vorme en manifestasies het ons nêrens gebring nie. Dit het misluk omdat dit nie die werklikhede van ons situasie aanspreek het nie. Dit het ook nie menslike faktore in aanmerking geneem nie.

Sogenaamde Groot Apartheid, wat gelei het tot die totstandkoming van verskeie verskillende, onafhanklike state, het misluk. Klein Apartheid, daardie beleid wat verskillende geriewe vir die verskillende rasse in Suid-Afrika moes skep, was onprakties en immoreel.

Sogenaamde Brutale Apartheid, of die gedwonge verskuiwing van swartmense na die tuislande, was onmenslik en onverdedigbaar en is intussen afgeskaf.

Dit was dringend noodsaaklik vir die Suid-Afrikaanse regering om sy beleid te herdink, om ons innerlike oortuiging van mislukking aan te spreek, nuwe beleidsrigtings aan te neem wat die werklikhede kon aanspreek en 'n nuwe en regverdige Suid-Afrika saam met alle inwoners te bou. Dit moes op so manier gedoen word om van die pyn en siektes van die verlede ontslae te raak sodat ons kan konsenteer op 'n gesamentlike, demokratiese en verdraagsame toekoms.

Wat vorige regerings oor die afgelope 40 jaar as ware onderhandelings met die swart leierskap beskou het, was dikwels niks meer as net konsultasie nie. Ware onderhandelings wat verdeeldheid en antagonisme openlik aanspreek, 'n bereidwilligheid om mekaar te ontdek, om mekaar se vrese en onsekerhede te erken en te akkommodeer en toegewings te maak ten einde 'n nuwe en regverdige Suid-Afrika te bou, is 'n onlangse fenomeen in ons land.

Ons doelwit is 'n nuwe Suid-Afrika met 'n volle, demokratiese grondwet, 'n stelsel van universele stemreg, gelykheid voor die reg en 'n onafhanklike regbank, 'n stelsel van menseregte waaroor die howe toesig hou, godsdiensvryheid, vryheid van assosiasie, 'n sterk ekonomie en programme vir beter onderwys, gesondheidsorg, behuising en sosiale omstandighede.

Onderhandelinge om dié doelwitte te bereik, vind op twee vlakke plaas. Eerstens is ons besig om alle struikelblokke wat in die pad van vreedsame onderhandeling staan, te verwyder. Goeie vordering word gemaak. Verdere kommunikasiekanale word geskep om die vredesproses aan te help. Openbare griewe kan nou doeltreffend, vreedsaam en vinnig aangespreek word om verdere konflik te voorkom.

Dit word verder aanvaar dat die regering en die ANC nie die enigste partye is wat betrokke is in die skepping van 'n vreedsame Suid-Afrika nie. Alle ander partye wat verbind is tot vrede is welkom om by die proses in te skakel. Die pad is nou oop vir breë onderhandelings oor 'n nuwe grondwet.

Tweedens is ons doel om die breinkrag van die verskillende partye bymekaar te bring om 'n grondwetlike model uit te werk waarin ons doelwitte vir 'n nuwe Suid-Afrika vervat word.

Dit is onmoontlik om onder geweldstoestande 'n duidelike wenner of verloorder te hê. Ons keuse is: òf almal wen, òf almal verloor. Die geskiedenis sal ons mislukkings sterk veroordeel.

Daarom moet onderhandelings so wyd as moontlik oor ons gemeenskappe strek. Ons moet probeer om die wydste reeks van aspirasies in ons gemeenskap in die gees van 'n oop en suksesvolle demokrasie te akkommodeer. Dit is belangrik dat ons almal aan 'n nuwe bedeling moet bou ten einde sy legitimiteit en algemene aanvaarding te verseker.

Die grootste bedreiging vir dié oorskakelingsproses in Suid-Afrika is dat geweld van òf links òf regs die proses kan vernietig. Die werklike probleme draai almal rondom 'n basiese gebrek aan vertroue.

Die tyd het sekerlik nou aangebreek vir daardie leiers wat hulself tot dusver daarvan weerhou het om mekaar te ontmoet, om mekaar se hande te neem op die weg na vrede en die vermyding van verdere konflik. Daar gaan 'n tyd kom wanneer die onderhandelaars hul mense met die vrugte van hul arbeid in die gesig sal moet kyk. Ons is bevoorreg omdat ons kan leer uit die lesse, insigte, ondervindings en tekortkominge van ander grondwette en lande. Ek wil dit selfs waag om te sê dat as gevolg van wat in Suid-Afrika gebeur, alle lande in Afrika ook na hul eie stelsels kyk en besef dat hulle ook sal moet aanpas om die aspirasies van hul mense te akkommodeer.

> **'Wat ek toe as belangrike en grootskaalse veranderings beskou het, weet ons nou was net halfhartige pogings tot hervorming.'**

Van uiterste belang vir Suid-Afrika is die noodsaaklikheid van 'n plaaslik vervaardigde produk, onderhandel en uitgewerk om die unieke behoeftes van ons mense te vervul.

Die gety van monumentale verandering wat tans oor Suid-Afrika spoel, is onomkeerbaar. Die horlosie kan nooit weer teruggedraai word nie en daarom kan ook die wensdenkery van reaksionêre elemente wat steeds aan apartheid vaskleef as meganisme om hul oorlewing te verseker, nie die gety keer nie.

Dit is onmoontlik om die geskiedenisboeke te herskryf. Die uitdaging is nou om Suid-Afrika te toekoms gesamentlik te vorm. In daardie sin bly die geskiedenis relevant. Ons moet besef hoekom die foute van die verlede gemaak is: wat die oorsake vir die pyn, wantroue en vrees is. Met daardie kennis tot ons beskikking kan ons bou aan 'n nuwe toekoms.

In dié verband is dit ongelukkig nie genoeg vir ANC-leiers om te sê dat hulle 'n begrip vir wit vrese het nie. Hoewel dit verwelkom word, dra die onlangse vlaag van geweld in sommige townships 'n belangrike boodskap. 'n Boodskap wat die belowende vlak van onderhandeling waarin ons nou beweeg, kan ondermyn indien dit nie aan bande gelê word nie.

Wie kan die spontane uitspraak van aartsbiskop Desmond Tutu in Julie 1985 vergeet toe hy ná 'n halssnoermoord in Johannesburg gesê het: ""As julle dié soort van ding weer doen, sal ek dit moeilik vind om namens die stryd om vryheid te praat."

Volgens die laaste telling is daar 453 halssnoermoorde in die laaste ses jaar gepleeg. Dit bly 'n tragiese en hartseer deel van die werklikheid van Suid-Afrika vandag. Wat die motiewe ook al, dit kan nie goedgepraat word nie. Dit ondermyn menslikheid en selfrespek.

Geweld van dié aard, asook ander manifestasies van konflik, moet ten alle koste vermy word. Daar moet 'n bereidwilligheid wees om op te offer en die vredesproses 'n regverdige kans te gun. Die tyd vir geweld, praatjies daaroor, versetveldtogte en soortgelyke aksies, beide regs en links op die politieke spektrum, is verby.

Die uitdaging in Suid-Afrika is om uit te reik, te verstaan en mekaar te akkommodeer. In die proses van nasiebou moet ons, beide die leiers en volgelinge, die dapperheid openbaar wat verdere vertroue by ons mense sal inboesem.

'n Politieke kultuur van verdraagsaamheid, gebou op geloof, realisme en hoop vir 'n vreedsame toekoms, bly ons doelwit. Dit bly ons hoop dat ver-linkse en -regse organisasies binnekort hulself tot onderhandelings bereid sal verklaar.

Dié organisasies vrees klaarblyklik die geboorte van 'n nuwe Suid-Afrika. Dit lyk asof hulle bereid is om 'n gewelddadige opsie te neem ten einde hul rassistiese en elitistiese aspirasies te bevredig. Daar is in die toekomstige Suid-Afrika nie plek vir sulke houdings nie.

Die totstandkoming van 'n ware demokrasie in die gees van konstitusionalisme in een van die mooiste en wonderlikste lande ter wêreld is hier op die spel. Ons moet 'n demokrasie tot stand bring met die potensiaal om die volle reeks van politieke, ekonomiese, sosiale en menslike strewes aan te spreek. Ek glo die vooruitsigte was nog nooit beter nie.

Ons voorsien 'n blink toekoms met uiteindelike erkenning van ons kontinent. Ons sien 'n Suid-Afrika wat ten volle deelneem in alle sfere van internasionale betrekkings.

Dit kan nie anders wees nie, want ons beplan om die interne onderhandelproses tot sy volle en logiese gevolgtrekking deur te voer, naamlik 'n verteenwoordigende en regverdige demokrasie.


'n Gemeenskaplike doel van Suid-Afrikanerisme en vryheid smee ons saam soos nog nooit tevore nie.

MENINGS

*Boere word betaal om nie te boer nie*

# Nee, Maggie het nie 'groen' geword nie

GROENPRAATJIES



TIENIE DU PLESSIS

DICK JOICE boer op Mill Farm naby Castleacre in Norfolk, Engeland. Dinge daar is besig om ingrypend te verander - in die verlede het hy (soos ander boere ook) subsidies en hulptoelae van die regering gekry om die maksimum te produseer.

Vandag, aan die einde van die 70-jarige Joice se loopbaan as landbouer, ontvang hy geld met die hoop dat hy so min as moontlik sal produseer.

Joice en 125 ander boere van East Anglia neem deel aan 'n proeflopie van die Britse regering se "Countryside Premium Scheme". Volgens dié skema word boere finansieel aangemoedig om minder te produseer. Engelse boere het reeds sowat 110 000 hektaar opsy gesit en die skema het al 400 000 pond aan Joice en kollegas uitbetaal.

In die eerste plek het dit natuurlik te doen met die landbou-politiek in Europa - daar word eenvoudig te veel kos geproduseer. Franse skaapboere is tans gereed om die wapen op te neem ter verdediging van hul eie vleismark. Dreigemente dat hulle skape wat vanaf Engeland ingevoer word, sal doodskiet, is onlangs in die Europese koerante geplaas.

Hoewel finansiële stabiliteit in 'n omgewing van "oorproduksie" verwelkom word, is daar tog van dié boere wat ongemaklik voel oor die nuwe strategie.

Die Countryside Premium Scheme vergoed boere wat hul vorige produktiewe lande in "groen" gebiede omskep - Dick Joice plant tans verskeie inheemse struike en bome aan om die lanings wat jare gelede verwyder is te herstel, en die graslande van die verlede strek tans oor ongeveer die helfte van 250 hektaar plaas. Hiervoor ontvang hy 120 pond per hektaar.

Die regering hoop dat sulke aanmoediging ook 'n bonus vir die vergroting van die habitat van wild en trekvoëls sal inhou.

In die dae voor chemiese landbou het die graslande van Brittanje uit meer as 'n honderd verskillende grassoorte bestaan. Vandag sien jy feitlik net roggras. Boere word aangemoedig om wildegras te saai. Die gedagte is dat langgras skuiling aan talle kleiner diersoorte sal verskaf en "...short grass becomes beetle country, spider land". Soetgras word aan die kus van Suffolk aangeplant vir die gebruik deur migrerende boomganse (Brent geese).

Volgende jaar word die projek weer in oënskou geneem en indien dit suksesvol blyk te wees, kan dit na alle landbougebiede in Engeland uitgebrei word.

"This is a big step in the right direction," sê Tim Allen, die bestuurder van die projek. Hy dink nie dat sy regering se eksperiment noodwendig die uiterlike landbou-aangesig (en aansien) van Brittanje sal vernietig nie. Verandering sal oor die lang termyn geskied en klein en gelokaliseerd bly. Hy dring daarop aan dat die regering met dié soort omgewingsbestuur nie bloot besig is met 'n "terugsnoei-aksie" nie. "...it is not just a case of stopping work and not putting fertilizer on. In a sense we are representing the rhythms of the countryside..."

Dit is duidelik dat suiwer "landboufaktore" slegs 'n klein rol speel in bogenoemde verwikkelinge. Die verandering vanaf "bestaansboerdery" na landbou vir wins, het in die meeste lande eeue gelede reeds posgevat. Dat die ekonomie en politiek van landbou 'n veel meer beduidende rol speel in skemas soos die Countryside Premium Scheme, is vanselfsprekend.

Of dink iemand Maggie het nou "groen" geword?

In Afrika is 'n soortgelyke projek amper ondenkbaar. En veral in Afrika word die verskil tussen hoë- en lae-tegnologie-landbou of "bestaansboerdery" baie duidelik gesien. By ons is 'n onbekwame hoë-tegnologie-boer dikwels minder produktief as 'n doeltreffende bestaanslandbouer. Hier kan selfs 'n oneffektiewe lae-tegnologie-landbou oorleef - bloot omdat dit móét.

Meer skade is al aan die omgewing gedoen deur gierigheid as nood. Die klimaat van Afrika, reënval, grondgehalte en ontginning van die beskikbare water in groot gebiede, maak landbou en die produksie van genoeg voedsel een van ons groot probleme. Dit wil amper voorkom asof Afrika in geheel as "marginale landbougebied" omskryf kan word. Vandaar dat die gru-woord "oorbevolking" in baie gevalle 'n ander term is vir "gebrek aan voedsel".

Die beste wat die mense van die wêreld kan doen, is om die gunstige klimaat en landbougebiede van ons planeet te gebruik vir 'n hoë opbrengs van voedsel.

Dié voedsel moet verbou word ook met die oog op verbruik buite die gebied waar dit geplant is.

Die manne en vroue wat die tegnologiese wonders in landboutegnieke só vervolmaak het dat boere in Engeland nou nie meer kan boer nie, moet hulle gedagtes aan die rol sit oor toepaslike verspreiding van hulle "oor-produksie".

En so nou en dan kan 'n politikus op sy/haar gat geskop word.

*(Tienie du Plessis is 'n mede-direkteur van Taurus-uitgewers)*

# Die kerk se rol in verandering

**Ons begin dié week met 'n nuwe Christelike godsdiensrubriek in die plek van die tweeweeklikse rubriek "Teks en Konteks". 'n Paneel teoloë gaan weekliks oor aktuele en kontensieuse geloofsake skryf - soms in doodse erns, soms tong-in-die-kies. Die eerste bydrae kom van prof BERNARD LATEGAN van die departement Bybelkunde op Stellenbosch.**



GELOOFS-PRAATJIES

DIE fundamentele veranderinge wat die land ondergaan, dwing mense en instansies om hulle instelling teenoor baie dinge in heroorweging te neem - en om na te dink oor hulle rol in dié proses.

Sakemense probeer duidelikheid kry oor die omgewing waarbinne hulle in die toekoms sake sal moet doen. Universiteite en ander opleidingsinstansies maak aanpassings om in veranderde behoeftes te voorsien. Dit is onvermydelik dat ook die kerk de novo sal nadink oor sy rol en verantwoordelikheid in dié situasie.

Wolfgang Huber, bekende teoloog van Heidelberg en kenner van kerklike ontwikkelinge in Oos-Europa, sê drie fases kan in dié dramatiese gebeure onderskei word: Die fase van voorbereiding, die werklike oorgangsproses en die fase van ontnugtering wat gewoonlik op enige ingrypende omwenteling volg.

Volgens hom het die kerk in elk van dié fases 'n spesifieke taak. In die eerste fase is dit belangrik dat die kerk homself nie buite die spel plaas en van die proses van verandering onttrek nie, maar dit "pastoraal" begelei.

In die tweede fase kan die kerk die noodsaaklike vrye ruimte verskaf waarbinne 'n indringende gesprek tussen opponerende standpunte en kragte gevoer kan word.

In die derde fase is dit belangrik dat die kerk in kritiese lojaliteit die afloop van die proses sal opvang. So 'n proses van verandering beteken nie alleen vordering nie, maar ook ontnugtering. Nie alle ideale kan verwesenlik word nie, nie alle deelnemers kan bevredig word nie. Nuwe bewindhebbers se optrede sal op dieselfde wyse as die vorige beoordeel en getoets moet word.

Wanneer teen dié agtergrond oor "die kerk" in Suid-Afrika gepraat word, is daar - soos almal weet - egter 'n probleem. "Die kerk" lê hier te lande te ver uitmekaar om onder een kombers toegemaak te word. Gevolglik bevind die kerk hom eintlik gelyktydig in al drie fases.

Party dele het nog nie eens 'n toon in die water van verandering gesteek nie en hou die proses hoog en droog van die wal af dop. Ander is midde-in die proses van verandering. Nog 'n deel het al tot in die derde fase gevorder en is besig om sy meer onafhanklike rol terug te vind deur groter afstand tussen die kerk en politieke groeperinge te skep.

Wat die rol van die kerk in 'n proses van sosio-politieke verandering moet wees, sal dus in die geval van Suid-Afrika nie eenvormig beantwoord kan word nie. Alles hang af van wáár 'n betrokke kerk hom in dié proses bevind.

**'Nuwe bewindhebbers se optrede sal op dieselfde wyse as die vorige beoordeel en getoets moet word.'**

Dit is veral in die tweede en derde fase waar die kerk 'n kritieke diens kan verrig - dit wil sê 'n kerk wat hom nie aan die proses van verandering onttrek nie, maar 'n konstruktiewe rol daarin wil speel.

In die tweede fase kan die kerk 'n groot bydrae lewer indien dit - te midde van al die spanninge en teenstrydige kragte wat deur die proses van verandering losgelaat word - 'n ruimte vir vrye dialoog skep. Dié ruimte moet van so 'n aard wees dat selfs omstrede sake daarin gedebatteer kan word.

Hoe meer intens die sosio-politieke veranderingsproses word, hoe groter die behoefte aan so 'n riumte. As die kerk dit onpartydig en billik doen, sal dit veral twee voordele inhou. Dit sal die kerk se geloofwaardigheid laat toeneem en die pad oopmaak na groepe en mense wat andersins nie bereikbaar was nie.

Sodoende sal hy sy brugfunksie meer doeltreffend kan verrig. En dit sal die geleentheid skep om die gebeure van die dag in teologiese perspektief te plaas.

So het die kerk in Oos-Europa dit ondervind. Die kerk het die versamelplek geword nie net vir kerkmense nie, maar ook vir diegene wat andersins nooit in die kring sou beweeg nie - juis omdat dit die plek was waar die gebeure wat mekaar so vinnig opgevolg het, vertolk en bespreek kon word, en mense gehelp kon word om perspektief daarop te kry.

Die voorwaarde vir hierdie suksesvolle bemiddeling was dat die kerk nie 'n versteekte agenda gehad het of mense wou manipuleer nie, maar 'n ruimte vir werklik ope en onbevange dialoog gebied het.

In die derde fase word die taak van die kerk miskien nog moeiliker, maar selfs belangriker. Wanneer sosiale verandering 'n onomkeerbare proses geword het, neem die "bruikbaarheid" van die kerk as instrument van verandering af. In Oos-Europa was die ontnugtering groot dat toe die demokrasie eers bereik is, die groot opkomste na bidure - waar die situasie bespreek en optrede beplan is - nie volgehou is nie. Lidmaatgetalle het nie noemenswaardig gestyg nie.

Dit is daarom van groot belang dat die kerk baie eerlik teenoor homself sal wees oor sy motiewe. Is hy betrokke by die spel om sy eie onthalwe - om getalle te laat styg, om self 'n belangrike speler in die spel te wees? Of neem hy - na die voorbeeld van Christus - 'n dienende gestalte aan en is hy terwille van ander daar?

Baie pyn kan gespaar word as duidelikheid betyds hieroor gekry word.

Verandering verg dus ook van die kerk 'n grondige heroriëntasie. Dele van die kerk is reeds in die derde fase. Met die regstreekse toetrede van verbode organisasies en partye tot die politieke proses het die kerk meer op die agtergrond geraak. Leiers soos aartsbiskop Desmond Tutu het reeds 'n ander rol vir die kerk aangedui - een van kritiese lojaliteit.

'n Gesonde debat is aan die gang oor hoe dié rol vervul moet word en hoe die kerk die waardestelsel wat 'n demokratiese kultuur ondersteun, kan help ontwikkel en krities begelei.

Wanneer 'n fundamentele transformasie voltrek word, verander die rol van die kerk, maar dit word nie minder belangrik nie. Vir 'n gesonde en lewenskragtige geloofsgemeenskap is daar geleenthede en nuwe uitdagings - 'n gemeenskap wat nie wil dikteer nie, maar dien; wat nie die toekoms vrees nie, maar mense die moed en vertroue gee om 'n nuwe tydvak te betree.

*Vrye* Weekblad

# Daar is hoop

Dit moes alle patriotiese Suid-Afrikaners se harte goed gedoen het om dié week na 'n jong NP-leier te luister wat sê: "Apartheid was 'n verskriklike fout wat ons land en sy mense verwond het."

Dit is die een stap wat selfs "hervormers" in die NP en die Afrikaanse establishment tot dusver moeilik gevind het om te doen: om te sê hulle is jammer oor die pyn en ellende en vernedering wat apartheid in al sy baadjies oor ons land se mense gebring het.

Ons hoop dié simboliese stap wat adjunk-minister Leon Wessels so duidelik in die aangesig van die wêreld geneem het, ander leiersfigure sal help om ook so ver te kom.

Wessels het dit nie kruiperig of hoed-in-die-hand gedoen nie, maar reguit en eerlik met die ANC se Nelson Mandela langs hom.

Nog belangriker, hy het nie daar opgehou nie. Hy het bygevoeg: "Ons moet 'n demokrasie tot stand bring met die potensiaal om die volle reeks van politieke, ekonomiese, sosiale en menslike strewes aan te spreek." En dan bepleit hy 'n volwaardige demokrasie waarin alle Suid-Afrikaners 'n gelyke stem sal hê.

Met mense soos Leon Wessels kan 'n mens sonder wanhoop die toekoms tegemoet loop.

Ons hoop sy gesindheid suurdeeg baie vinnig deur tot al sy kollegas en die ondersteuners van sy party.

## Mandela en Sionisme

Ons vind die nuwe "storm" om Nelson Mandela se uitlatinge oor Sionisme wat in Suid-Afrika "losgebars" het, ietwat onverkwiklik.

Daar is mense en koerante wat oorgehaal sit om 'n verskoning te kry om Mandela by te kom.

Soos Staatspresident FW de Klerk, is Mandela nie meer net die leier van 'n politieke party nie. Hulle is die twee nasionale leiers op wie byna 'n hele nasie se hoop op die oomblik gebou is. Dit verhef hulle natuurlik glad nie bo kritiek nie, maar ons glo dit is in die belang van almal dat daar nie politieke vliegies van hulle afgevang moet word nie - veral nie dié wat verhoudings met sekere bevolkingsgroepe kan beduiwel nie.

Wat het Mandela gesê?

Hy het in Noorweë gesê hy verwerp Sionisme as dit beteken Israel het die reg om Palestynse grondgebied te beset en te weier om met Arabiere en hul leiers te onderhandel.

Wie kan daarmee verskil? Hy ontken nie die legtimiteit van die staat Israel of selfs Joodse nasionalisme nie.

Ons raak ongeduldig daarmee dat Joodse leiers in ons en ander gemeenskappe die geringste kritiek teen die beleidsrigtings en optrede van die regering van Israel as "anti-Semitisme" bestempel.

Dit raak nou goedkoop, en kan dié gemeenskap se saak net benadeel.

## Die Mail

Ons as joernaliste was hartseer toe ons dié week hoor dat die jong Daily Mail sy deure sal moet sluit.

Dit is nog meer tragies dat daar weer eens joernaliste sonder werk gaan sit.

Suid-Afrika het nou, in die oorganstyd na 'n nuwe grondwetlike bestel, 'n unieke kans om te veg vir 'n oop gemeenskap, fundamentele respek vir menseregte en ware demokrasie tot op die laagste vlak.

Daar is geen enkele instrument wat dié stryd beter kan voer as die media nie.

Ons hoop die Suid-Afrikaanse gemeenskap gaan gou begin besef hoe 'n belangrike rol veral koerante in ons samelewing speel en kan speel.

En dat hulle - en dit sluit ook veral die private sektor met hul groot advertensie-begrotings in - meer aktief sal wees om te verseker dat ons land se koerante oorleef.

Intussen wens ons die Weekly Mail, wat nou weer op Vrydae gaan verskyn, alle sterkte toe.

## *So sê hulle...*

**"Dit lyk of liberale koerante baie meer besorg is oor regse moordbendes as oor mense wat met 'n sogenaamde halssnoer teregestel word."** - John Kane-Berman, uitvoerende direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge.

**"We have committed ourselves to suspend all armed activity. But this does not mean we relinquish the right to self defence, the need of which has become all the more evident in the recent carnage, aided and abetted by State security forces."** - Raymond Suttner, hoof van die ANC se departement politieke opvoeding.

# WIE IS WIE IN SA:




## BRIEWE

*Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.*

# Geen verband tussen liberalisme en skuld nie

**GG Michaelides van Pretoria-Wes skryf:**

Daar is geen logiese verband tussen "liberalisme" en "skuld" nie.

In u gesprek met Denis Beckett word in een asem gepraat van liberalisme en skuldgevoelens. Op dieselfde dag was daar 'n groot opskrif oor Liberal Guilt in die Weekly Mail.

Ek is die afgelope 33 jaar lank 'n liberalis, en ek wou nog nooit my klere skeur of die asblik oor my hoof uitgooi nie.

Enigeen wat liberaal word weens 'n skuldkompleks beter gou besef dat skuldgevoelens niemand baat nie. Benut eerder jou bevoorregte posisie om Suid-Afrika se geestelike kanker uit te sny.

Sommige swart Afrikaniste praat neerhalend van Skuldige Blanke Liberaliste en sê hulle verkies knegskap onder die Grootbaas omdat jy darem altyd weet waar jy met hom staan. Aan dié sê ek: ja, party blankes is effens vreesbevange. Help hulle deur hulle moed in te praat.

Groepsaggressie was nog altyd veel makliker om te verkondig en te handhaaf as liberale verdraagsaamheid, want groepsaggressie is meer "natuurlik" en minder abstrak.

En terloops, as jy jou knegskap geniet kan ons in die toekoms vir jou persoonlik so-iets reël. Die aanbod is oop vir alle rasse.

## Baie koeëls

**Kalahari Liebenberg van Kuilsrivier skryf 'n Ope Brief aan Piet Skiet Rudolph:**

Oom Piet, noudat jy oor onderhandeling gesels, wil dit mos vir my lyk of ons met mekaar kan begin praat. Oor 'n koppie tee of mampoer. Oom se keuse.

Toe ek nou die Argus ('n verdomde Engelse koerant) lees, sien ek Oom wil asiel hê - ek bedoel amnestie, sodat ons kan onderhandel.

Dit gaat ons baie meer baat om koppe te krap oor die onderhandelingstafel as om patrone te tel en koppe te (laat) klap. Dis tog 'n sinnelose oefening. Waar gaan Oom in elk geval patrone kry? In die Eerste Wêreldoorlog het hulle 27 998 patrone vir elke gewonde en dooie gebruik. Net om linkse Afrikaners - dis nou NP's, DP's, UDF's en ANC's (plus 'n paar verdwaalde kommuniste) te skiet, sal alleen 6 999 500 000 patrone nodig wees. Dis nou as deesdae se jongklomp nog kan skiet soos toentertyd, wat ek wragtag betwyfel.

Computer games en TV het hulle lankal slapgat gemaak. En die oumense is nie noodwendig beter af nie. Van te veel rugby op TV en bier in die lapa is selfs die goeies onder ons nie heeltemal reg vir oorlog nie.

Nog 'n ding. Nie al die jongmense van vandag is lus om soos karakoellammers opgeline te word nie - en dit oor 'n stuk grond wat ons in elk geval het! Wat ek wil sê: nie alle jongmense is Piet Skiete nie. En dié wat is, sal nou nie noodwendig aan Oom se kant wees nie.

Dan wil ek nog sê: dis maklik om te praat oor vloed, maar as die vloed oor is en die klipbanke lê so plaat-plaat daar waar die wingerd was... wie moet dan weer alles opbou?

Nee, Oom Piet, klim uit daai loopgraaf uit, want dit bring ons net by die graf. Jy kan dit ook só skryf: loopgra(a)f.

Buitendien, as Oom-hulle en Andries-goed nie wil onderhandel as 'n laaste uitweg nie, dan moet ek sê, kan ons nie die kerkvaders inroep om ons onheilige oorloggie te seën nie. (Oom onthou mos nog wat gebeur het met die Israeliete toe hulle windgat-windgat afgesit het om oorlog teen hulle medemens te maak - nogal met die Ark in hul midde, staan en verloor hulle toe 66:0.

Nee Oom, Kerkvader Augustinus, Calvyn en 'n hele boel ander sal nie Oom se stryd steun nie. Ou Vader Calvyn het duidelik gesê dat verteenwoordigers van die mense eers na opstand en verset mag gryp as hulle die heerser "aangespreek" het. Gister se aanspreek is vandag se onderhandeling.

So laat ons die tafel dek, boekevat en met mekaar onderhandel. Die land het al te veel pyn gely. Dis nie nodig om die geskiedenis weer leeg uit te melk nie.

Bring Oom-hulle se voorstelle na die tafel. Dis tyd vir Konvensie-maak.

## Skryt duur voort

**Kobus Faasen van Goodwood skryf:**

My hande is swartgevat aan Breyten se baard, asof daar kwansuis enige vatplek ooit sal wees aan die lang, maer albino met die skittergroen trui.

Net een (te)regstelling, die oubaas het nie gesê: "The looking continues" nie, maar wel: "The looting continues". Ook die stryd duur voort bla-bla-bla..."

Die meeste exiles kan dit bekostig om terug te kom, maar die meeste tuisstryers kan nie exile bekostig nie. Ons omstrede onvryheid bly dus onbestrede. Die skryt duur dus voort. Da-da-da...

(As sy publieke swanesang so klink, is sy testament seker in sonnetvorm, 'n boetedoening aan Boeddha of iets in der wroege. Ons almal het 'n private yk.)

Mens is amper vry as jy voltyds kan skryf en skilder, so ver verwyderd van die faksies, al ken hy al die drieletterwoorde; so ver weg van die ou Kalahari, al hoor hy die khoisan sing.

The longing continues.

## Keerpunt

**Erika Rautenbach van Sunnyside skryf:**

Ek het in 'n goeie huis grootgeword. Goeie familie. Goeie geld. Goeie kultuur. Goeie maniere. Goeie skole. Goeie vriende. En toe het ek by 'n departemment begin werk.

By een van daardie departemente waar jy kan en mag lieg oor wat jy doen. Waar dit ons werk was om die wêreld - en later ook Suid-Afrika - te vertel van die meeste van ons swart, en 'n handjievol wit, Suid-Afrikaners. Ons moes die wêreld vertel wat hulle was. Hieroor kon ons veral lieg.

En skielik eendag gaan iemand dood wat ek baie goed geken het. Natuurlik begrawe 'n mens nie so 'n iemand nie, want dit sal na moord lyk. Net jammer oor die koeëlgate in sy rug. Gooi hom net oor die draad dan lyk dit of hulle hom geskiet het toe hy probeer ontsnap het. Dan moet 'n mens weer dink oor wat jy doen. Maar dan verduidelik hulle dat ons mos besig is met 'n volkskaalse oorlog teen die Totale Aanslag. En dit wat oor is van 'n mens se gewete word gesus.

Toe kom Barend Strydom. Ons grootste triomf! Hy het die leuens geglo wat ons

**Vervolg op bl 22**

# Amandla! skreeu Gerrit Viljoen. Viva! antwoord Arrie Paulus

WEL, amper. Eintlik was dit die SAKP se Joe Slovo wat amandla geskreeu het en die ANC se Reggie September wat geantwoord het.

Maar toemaar, 'n mens maak mos maklik so 'n fout. Of hoe?

As jy The Citizen of Die Transvaler is, ja. (Brolloks het nie eens geweet die Transvaler bestaan nog nie...)

"Tutu outburst at Soweto funeral," bulder The Citizen dit dié week op die voorblad uit. "We are only going to win the struggle if we are organised on the ground and take the struggle into white areas," sou die Nobelpryswenner vir vrede op 'n begrafnis in Soweto gesê het.

En hy gaan aan: "Our task is still to build Umkhonto we Sizwe. To build our armed force. We are prepared to fight until the last drop of blood."

En toe is dit altyd die grootbekheethoof van die South African Youth Congress, Peter Mokaba, wat dié goed gesê het.

En Woensdag moes die koerante op die grond kruip en verskoning vra.

Nou is dit so dat selfs verslaggewers menslik is en soms foute maak. Maar die liewe ou biskop aanhaal wat praat van die gewapende stryd na wit gebiede uitbrei? Dieselfde man wat onlangs nog sy medepriesters verbied het om amptelik



BROLLOKS EN BITTERGAL

aan die ANC te behoort? Die man wat nou al maande lank presies die teenoorgestelde sê as dit waarop hy nou aangehaal word?

Al wat Peter Mokaba en Desmond Tutu gemeen het, is dat hulle in dieselfde land gebore is en donker velle het. En daar is dertig jaar verskil tussen hulle!

* Het The Citizen en Die Transvaler dalk oor die jare die biskop so beswadder dat hulle naderhand hul eie twak begin glo het?

### Paspoort in die gatsak

Bittergal word nou al lankal erg verkwalik dat hy so hard op die Suid-Afrikaanse liberals is. Maar nou het die pennie gedrop, soos Bittergal se oupa graag gesê het.

Wie is die mense wat nou so praat van trek? Dieselfde wat in 1976 en 1984 wou trek weens die "intolerable Boer-regime" en die "moral outrage" wat hulle vir apartheid gevoel het.

Nou begin hulle kry waarvoor hulle gevra het - bevryde politieke prosesse, onderhandeling en 'n aanloop tot demokrasie - en nou is hulle magies skielik nie sterk genoeg nie. Dié keer is dit die swart politiek wat hulle skrikmaak, en nasionalisering.

En hoor net wat sê die hoëpriesteres van die liberals oor die laaste paar dekades self, volgens die Star: Helen Suzman, named the Allied's visionary of the year in Sandton last night, has confessed that she, "like so many starry-eyed liberals who were overjoyed when President de Klerk made his historic speech in February this year", is now less euphoric about the future...

Ja'k. En die man wat hulle twee jaar gelede nog 'n "dull Afrikaner ideologue" genoem het, FW de Klerk, het hulle toe heel verbygesteek.

* Gee Bittergal dan eerder die dikgewrig-regses met hul T-hemde wat sê: Die Boere is hier om te bly.

### Groot Krokodil en valiums

So gepraat van onse President FW de Klerk vertel ons toe nou die aand op TV dat hy nog nooit in sy lewe 'n politieke vergadering opgebreek het nie. Volgens hom is dit verkeerd van die KP om sy vergadering op te breek en volgens hom was dit ook verkeerd van die NP om in die jare veertig vergaderings van die VP op te breek.

Die Groot Krokodil in die Wildernis het glo ook gekyk na wat ons nuwe skoongesig-leier oor die opbreek van vergaderings te sê gehad het. Tannie Elize moes hom glo sommer vier valiums injaag - hy wou die TV sommer met 'n hamer bydam.

Sy kommentaar was glo dat FW glad nie nou so "important sou gewees het en ook nie die darling van die wêreld sou gewees het nie" as dit nie was dat hy wat PW is die VP geknak het deur VP-vergaderings so suksesvol op te gebreek het nie.

* Maar miskien moet FW ook in 'n stadium verskoning vra vir sy politieke boewery van Augustus en September 1989...

### Wat dan, Louis?

Daardie groot kampvegter vir die demokrasie, Louis Luyt, het Vrye Weekblad vandeesweek met mening op 'n vergadering aangeval omdat Brolloks se sportkollega die vermetelheid gehad het om te skryf Transvaal se gebrek aan welslae het min met sy spelers en baie met sy voorsitter te doen.

Louis wou weet hoe enigeen tog kon dink dat hy, van alle mense, die twee vorige afrigters, Pa Pelser en Apies du Toit, in die pad gesteek het, en verantwoordelik was vir Wahl Bartmann se besluit om Natal toe te trek.

Brolloks se kollega het in die berig wat Louis so ontstel het, voorspel dat die Rooibontes se afrigter, Derrick Minnie, soos sy voorgangers die trekpas gaan kry omdat hy nie na die baas se pype wil dans nie.

* Wanneer dit binnekort gebeur, gaan Luyt natuurlik weer niks met die hele gedoente uit te waai hê nie.

### Net so vrot uit die pawiljoen

Louis het ook geskimp dat hy Vrye Weekblad se persbank-geriewe gaan opskort as ons weer oortree.

Dit herinner 'n mens aan die staaltjie van die koerantman wat in Jannie le Roux se dae uit die persbank geskop is omdat hy Transvaal se swak vertonings voor die deur van die administrasie gelê het.

* Die volgende Maandag skryf hy toe dat hy maar sy eie kaartjie gekoop het - en dat die Rooibontes maar net so vrot uit die pawiljoen as uit die persbank lyk.

### Hesekiël?

Graffiti van die maand dié week groot op 'n straathoek in Jan Smutslaan in Johannesburg: "Hesekiël 2 vers 3: Nee, God weet, so kan dit nie aangaan nie."

En verder aan in die straat: "Vlok is 'n spelfout."

* So kan dit gerus maar aangaan.

**Soek die verskille en wen 'n jaar se gratis intekening op The Citizen. Die tweede prys is twee jaar...**





# *Die City of Gold word grys verklaar*

DAAR het julle dit, vrinde, die dalende goudprys eis sy tol: Die City of Gold word grys verklaar. Asof hy nie al die jare al grys is van die mynstof wat oor hom neersyg nie, en van grys mannetjies soos Tony Leon. Seg Moeder onse landjie het groot probleme met die leiers wat so grys is! Nie net is Com Mandela en Com Sisulu voorwaar grys nie, maar die res is darem al te vaal. Kyk net na die amorfiese gestalte van Madam de Klerk se man, dan kyk julle na sy trawante (waarvan die meeste maar anoniem funksioneer, lyk dit my).

En nou wil 'n vaal siel soos Tian watsenaam nog vir die DP se leierskap staan ook. Dis seker maar 'n teken van die tye: Mister Bush kan byvoorbeeld skaars as flambojant beskryf word, hoewel Miesies Bush seker die finale oordeel moet fel.

### Bush fiddle

Van die Bushes gepraat: darem lekker om te fiddle terwyl Rome in ligte laaie staan. Of gholf te speel terwyl Irak ensovoorts. Dis sweerlik nog 'n teken van die tye, dat mense kerjakker op die mees ongeleë tye.

Com Mandela se jongste toertjie is nie te goed bereken nie, al kan dit skaars skade berokken aan die fabric van die wordende Zuid-Afrika. Daar kan tog nie werklik verwag word dat hy 'n magiese woord moet kan spreek wat die Inkatha-hordes hul strydbyle sal laat neerlê nie: daardie taak is immers dié van Sy Hoogdrawendenheid, en hoe dikwels sien julle hom in die townships of by die enkelhostelle?

Nietemin meen die beskeie Egbertus dat 'n oorsese reisie nou nie juis 'n binnelandse image builder is op dié besondere tyd nie. Maar soos almal het die antichris seker ook maar die geldjies nodig, daarom die knaende werwery.

### Life's a bitch

Hulle het seker nog nooit veel gedink oor die hostelle nie, het julle? Geliefdes, as daar 'n onding is in ons maatskaplike make-up wat meer walglik en skrikwekkend is as dié stelsel, moet asseblief nie die Klaagvoorts daarvan vertel nie: Life is a bitch as it it.

Besef julle dat die stelsel nog steeds floreer? Dat mense selfs van hul bestuursposte in groot maatskappye saans moet terugkeer na 'n enkelhostel, om in 'n slaapsaal vir 24 mense te gaan slaap, waar hulle een bad en een toilet deel? Sonder hul gesinne? En julle praat saam oor die Nuwe Zuid-Afrika. Dis die einste Zuid-Afrika wat aanstaande jaar R55 miljoen gaan bestee aan 'n sensus, en wie weet hoeveel aan Magnus PI se salaris, terwyl waardige mense in die townships krepeer.

Egbertus is vandag op die oorlogspad, ek vee al wat teenstand bied uit my pad, behalwe natuurlik vir meisies Klaagvoort - wie sou dit afterall waag?

### Geluk Mister Vlok

Die Neandertal-siele is op hul eie oorlogspaadjie, en dis te pateties vir woorde. Met hul baarde en boeppense en bandoliere het hulle nou blykbaar oorlog verklaar teen vrouens wat links van Genghis Khan staan, en dié word nou in parkeergronde en elders met vuiste en knuppels bygedam. Wanneer skuif julle jul fokus na die kinders, dappere broeders?

Mister Vlok moet intussen seker bedank word vir die oefening wat hulle in die polieste gehad het om vrouens en kinders genadeloos aan te rand.

### Sappige medaljes

Intussen het Mister Vlok die sappigste medaljetjies toegeken, dié keer nie aan homself nie (dis eintlik Magnus se trade mark), maar aan twee waaksame polieste wat 'n bom opgemerk het wat moontlik vir Sy Edele self bestem was. Seg Moeder sy gryp waargtig self na die sakkie medaljes agter die deur wanneer so 'n waardige wese gered is. Minister, dit was seker 'n bestiering, dalk is daar nog 'n doel met jou. Maar wat sou dit kon wees?

### Shame

Die lewe in KwaaiZulu is darem vir jou 'n laugh a minute. Dié interessante plekkie, waar 'n politieke party sy eie polisiemag het en jy alleenlik in die polieste of die onderwys kan staan as jy aan 'n sekere party behoort, het sy eie waardestelsel. Nou het 'n senior prins van die koningshuis van daardie geweste vir Mister Vlok om beskerming gevra omdat hy die polieste van sy eie land vrees. Hy meen selfs dat sy huis aangeval is deur die einste beskermers van die volk.

En die rede, geliefdes?

Het hy die nerve (en die dodelike swak oordeel) gehad om uit Inkatha te bedank. Shame.

### Dapper leiers

Vrinde, moenie dink onse wêreldleiers is sag nie. 'n Dag of wat gelede het Mister Bush 'n bietjie gaan visvang, om weg te kom van die spanning in Irak seker. Toe haak die hoek van sy seun se vislyn aan sy oor vas. Seg 'n spokesman vir die White House: "The president was strong and courageous throughout this exercise." Seg Moeder as dit net 'n exercise was, hoe gaan dit nie wees wanneer hulle die ding regkry nie? Dink net hoe dapper moet presidente wees. Seg Oswald hy vertrou dat sy eie president so dapper sal wees wanneer Madam de Klerk die splinter uit sy oog verwyder.

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

## BRIEWE

### Keerpunt (Van bl 20)

hom omtrent die swartmense vertel het. Hy word vir moord aangekla en ons, wat aan hom al die redes verskaf het om hulle te vermoor, is skotvry.

En uiteindelik kom Dirk Coetzee met sy moordbendes na vore. Toe weet ek wat ons bydrae aan daardie moorde was.

Hoe meer ons ons landgenote vanuit ons beskaafde Afrikanerdom probeer onderdruk het, hoe meer vasberade het hulle geraak om ook gelykmatige burgers van die land te word. En saam met ons albei se vasberadenheid het gekom die ongelooflike "horror" wat ons Suid-Afrika noem.


Aan almal wat 'n werk doen waar jy moet lieg oor wat jy doen, vra jouself af hoekom jy moet lieg. Jy hoef nie te lieg sodat die "vyand" nie weet wat jy wanneer en waar gaan doen nie, want al weet hulle alles, kan hulle steeds niks daaraan doen nie.

Hulle het nie die wapens of die geld of die mag of die mense om ons ooit in 'n skietery te wen nie. Want ons wat lieg het alles. Ons het al die geld, geletterdheid, media en noodregulasies aan ons kant.

As jy die moed bymekaarskraap om werklik te erken dat ons verkeerd was, dan moet jy loop - soos die Bybel sê - deur die dal van doodskaduwee. Want dit is hier waar jy besef dat alles wat jy nog altyd was, alles wat jy geken het en almal waarvoor jy lief was, agtergelaat moet word.

Dit is hier waar jy vorentoe moet loop en verskoning moet vra vir dit wat jy gedoen het. Dan sal jy by die waters waar rus is, kan uitkom.

*(Brief verkort - Redakteur)*




## Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

### PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê: Was die liefde minder gewelddadig, het ons lankal nie meer daarin geglo nie

Die Bleskoppe teen Apartheid sê Winnie as hoof van welsyn is so 'n kontradiksie in *terme soos militêre intelligensie*

ATTENTION
**CHRISTIAN SINGLES**
BORN-AGAIN Christian Introduction Service. We Have Results Because We Care! We have socials too. Call (011) 476-4923, PO Box 35322, Northcliff 2115.
PS. Ons lewer 'n tweetalige diens.

Voorstellingsdiens vir "upmarket", uitvoerende wedergebore Christen-alleenlopers. Skakel: (011) 476-4923 of 793-6059, Posbus 35322, Northcliff 2115.

The huge national exhibition hall at Nasrec hummed with activity during August. August is for Building, was the slogan. Blue Circle was easily identifiable by *the tall revolving Circle marking the spot. Circle* marks the spot.

Damn julle alternatiewes!!! Hier sit ek en probeer crap uitchurn en julle in swart met swart verjaardagkoeke en julle Afrikaans dans deur my kop**^%$#
(Why didn't I listen to my mirror at 21? It said very definitely, Hazel, marriage is not for you. and I said, oh yeah? High above and up there with the rest was Blue. Ek is verskriklik lief vir julle.

Alle Bles Bridges- en Danie Botha-plakkate kan gestuur word aan: Jaco, Swanstraat 92, Eastlynn. Tel: 880-2368

### WOONPLEK

Professional woman requires person to share duplex in Northcliff. For more information phone Naomi 880-3633(w), 673 0698(h)

### DIENSTE

*CITY COLLEGE*
7th Floor Charleston House, 161 Commisioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolements accepted throughout the year
* Accomodation available
* Free job placement advice given
ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

**DRESSMAKING & DESIGN**
**BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS**
*ENQUIRIES*
*CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL*
**7th Floor Charleston House**
**161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)**
**Johannesburg 2001.**
**Tel (011) 29-4116/7**

PARENTS: Should your teenager be doing better at school? To develop his/her potential: Phone 678-3266

AFRICAN LANGUAGES: An introductory Zulu language and culture course will be commencing on Tuesday, 21 August. The course will be 12 weeks in duration, and will comprise 12 consecutive Tuesday evenings. Meetings will be held from 7pm - 8.30pm and the venue will be in Parktown. To secure a place phone Viv at 483-1572. All welcome

**AGGRIEVED BY AN UNFAIR DISMISSAL FROM WORK? You may legally claim compensation and/or re-instatement in your job. Please contact: Tel (011) 609-3405. Fax (011) 609-3405 for immediate assistance**

**REGTERBREIN-DINAMIKA:**
Vergroot jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossingsvermoë, intuïsie en kommunikasie dramaties. 'n Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643-4659

BEDREWE VERWER
Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 Maandae

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

**POWA**
**(People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteunings- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345**

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (W);
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (H);
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30 nm);
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (H)
of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4:30nm tot 7:00nm

VISUAL ART COURSES
**Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm**

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the oppurtunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

**SA Conflict Research & Management Institute. Konflik kan op 'n skeppende manier beheer word. Ons is hier om Suid-Afrika te wys hoe. Enige navrae oor lidmaatskap of om meer uit vind oor ons gereelde praatjies en seminare, skakel die instituut in Johannesburg by (011) 482-2128 of faks (011) 482-2450. SA Conflict Research & Management Institute, PO Box 890601, Lyndhurst 2106**

### CRAFTS

Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788-3994

### MARK

Illustrations, comics, logos and graphics designed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night


Kashgar
**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

JACOB RegoP
HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..................
Adres: ..................
..................
.................. Poskode: ..................
Telefoon: ..................

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK


*Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan*

## *Verdediging was bra flou teen Transvaal*

# Natal moet regruk voor eindstryd

NATAL se naelskraapse oorwinning oor Transvaal het sy kanse om vanjaar in die Curriebeker-eindstryd te speel 'n goeie hupstoot gegee, maar die Piesangboere lyk glad nie of hulle die beker kan wen nie.

Daarvoor was hul verdediging darem veels te flou. Toe Transvaal ná rustyd die bal begin rondgooi, het hulle die tuisspan flenters gehardloop.

(Dit is seker maar wat ster-status aan 'n speler doen. Jeremy Thomson was verlede jaar 'n dodelike verdediger. Nou wil hy skynbaar net met die bal nael en drieë druk. Danie Gerber ly al sy hele loopbaan lank aan dié kwaal. Hopelik raak Thomson gouer daarvan ontslae).

Die OP, wat al sy wedstryde vorentoe moet wen en hoop Natal verloor alles, kan môre twee punte op Kingspark inhaal wanneer hy Craig Jamieson se manne pak.

Die tuisspan is sonder sy grootste angel onder die voorhoede, Wahl Bartmann, en gaan agterlangs sukkel om die OP se opwindende agterlyn in toom te hou.

Riaan Potgieter sou vanjaar nie ver van 'n Springbokspan gedraai het nie. Hy hardloop sterk en reguit, en met die planmaker Michael du Plessis langs hom kry hy oorgenoeg hardloopkans.

Die nuwe losskakel, Hennie le Roux, het gewys waarom hy in die Baai so hoog aangeslaan word.

Hy kan 'n gaping slaan en is nie bang om op die verdediging met mening onder 'n teenstander in te seil nie. Dis net jammer die OP sit nou sonder 'n betroubare stelskopper. Johnny Vermeulen se senuwees is nie vir druk gemaak nie; wanneer 'n skop eenvoudig móét oor, is hy nie die man wat pale toe moet aanlê nie.

Noord-Transvaal lyk nou onstuitbaar op pad na die goue beker. Hy het nie werklik teen die OP oortuig nie, maar met Andre Skinner terug as Adolf Malan se slotmaat, gaan nie net sy lynstaanwerk nie, oor oor sy skrumkrag stellig môre beter lyk wanneer die Noorde die WP op Nuweland aandurf.

Tiaan Strauss se manne is die onder-presteerders van die jaar. Ten spyte van hope talent, het die WP vanjaar bitter min uitgerig. Slegs die Lionbeker-halfeindstryd, waarin hulle Natal oortuigend geklop het, het hul beste na vore gebring.

Al wat daar nou nog vir hulle op die spel is, is 'n bietjie eer. As hulle môre verloor en hulle verloor volgende week teen die OP in die Baai, gaan hulle baie naby aan onder op die puntelys eindig.

Vir een van die mede-houers van die beker, sal dit darem nie deug nie. Hulle het juis reeds die Lionbeker aan die Noorde afgestaan.

Transvaal het verdien om Natal verlede week te klop. Dit is maar die verhaal van dié seisoen vir hom. Hy het by verskeie geleenthede binne 'n haarbreedte van 'n oorwinning gekom, maar kon net nie die nekslag toedien nie.

As hy Natal, die Vrystaat en Noord-Transvaal geklop het - en dit was in elke geval so amperamper - was hy nou nog in die wedloop. Soos sake egter staan, gaan hy stellig derde van agter eindig.

* Die bakleiery - en doellose heen-en-weer skoppery - wat die wedstryd tussen die OP en Noord-Transvaal gekenmerk het, het 'n mens saam met die aandkrieket-advertensie oor TV laat sug: "Kom aan, somer..." As die seisoen vir ons te lank voel, hoe moet dit voel om 'n speler te wees?

### WP, Noorde regstreeks op TV1

DIE Curriebeker-rugbywedstryd tussen Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie is die hoogtepunt van die naweek se sport op die kassie. TV1 skakel om 15h30 regstreeks na Nuweland oor.

M-Net se teenvoeter hiervoor is die sokkerwedstryd tussen Liverpool en Aston Villa in die Engelse eerste liga, wat om 16h00 uitgesaai word.

Sondag wys die betaalkanaal Jose Maria Olazabal se uitmuntende oorwinning in die onlangse World Series of Golf.

Die week se sport lyk maar vaal. Benewens tydskrifprogramme soos TV1 se Rugbyforum (Vrydag, 18h00) Soccer Scene (18h00 op TV4, 21h00 op Surprus-Sport) en World of Boxing (Donderdag, 21h00, Surplus Sport), kan 'n mens net oor M-Net se daaglikse uitsendings van die Amerikaanse Ope Tennistoernooi opgewonde raak.

## Mark is bo-aan geldlys



**Net wanneer 'n mens van Mark McNulty wil vergeet, lewer hy weer 'n vertoning van wêreldgehalte. Verlede week se skitter-oorwinning in die Wes-Duitse Ope het hom 78 000 Pond in die sak gebring, wat hom nou bo-aan die Europese verdienstelys plaas. Hy het vanjaar reeds 'n allemintige 362 783 Pond gewen. Die Brit Ian Woosnam lê nou tweede op dié geldlys.**

**Die Europese toernooireeks trek minder top-spelers as die Amerikaanse PGA-reeks, maar is nietemin hoogs mededingend. McNulty se oorwinning het egter byna ongesiens verbygegaan, deurdat die Spanjaard Jose Maria Olazabal die kollig gesteel het my sy briljante vertoning in die World Series of Golf in Akron, Ohio.**

**Olazabal het 18 houe onder baansyfer aangeteken en sy naaste teenstander, Lanny Wadkins, met 12 houe verpletter.**


## *Vrye* Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sample Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**

**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson, Tinus Horn**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

**Bestuur**

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar.**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

**Buitekantore**

**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 24 8049 / 23-2722**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

*'By dié sirkus betaal die narre om skares te vermaak'*

# Motorfiets-renne bloei dood

**TIEN jaar gelede het 'n motorfietswedren-byeenkoms op Kyalami soveel toeskouers gelok soos 'n rugbywedstryd tussen Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie op Loftus Versfeld; nou is dié eens-lewenskragtige sportsoort besig om 'n stadige dood te sterf.**

**DAVE PETERSEN, een van die beste jaers wat Suid-Afrika nog opgelewer het, pak al die skuld vir dié stand van sake op die organiseerders. TINUS HORN het met hom gesels.**

MOTORFIETS-RENJAERS in Suid-Afrika waag week ná week hul lewens sodat die organiseerders kan ryk word, sê Dave Petersen, 'n top-jaer wat vyf maande gelede besluit het genoeg is genoeg, en sy fiets van R70 000 in sy motorhuis staangemaak het.

"Ek was eenvoudig nie meer bereid om uitgebuit te word deur mense soos Kyalami Enterprises en die AA se motorsport-beheerliggaam nie. Hulle het my gebruik om toeskouers te lok, en dan al die hekgeld in hul eie sakke gesteek," sê hy.

Mense wat dink ons voorste jaers verdien sakke vol geld, moet maar weer dink; selfs die wenner van wedren op 'n nasionale byeenkoms kry geen bloue duit nie, selfs al beloop die hekgelde soms meer as R100 000.

"Dit kos ons duisende rande om te jaag. Dis die enigste sirkus in die wêreld waar die narre moet betaal om die skares te kan vermaak."

'n Jaer se kostes is skrikwekkend hoog. Die fiets waarmee Petersen in die 750cc-klas gejaag het, 'n Honda RC30, kos R70 000, en sy onderhoudskoste vir 'n jaar (Bande en enjin-onderdele) beloop 'n verdere R60 000.

Omdat Petersen 'n top-jaer is, het Honda aan hom 'n fiets verskaf. Niks meer nie. Dit is duidelik dat jaers sonder borgskappe glad nie in staat sal wees om hulself te finansier nie.

"Tien jaar terug kon jaers nog bekostig om hul eie fietse te koop en in stand te hou. Nie meer nie."

Om mededingend te kan wees is niks anders as die jongste tegnologiese wonderwerke uit Japan goed genoeg nie. Verlede jaar se wen-fiets staan vanjaar g'n kans nie.

Die buitensporige motorfietspryse is hoofsaaklik te wyte aan bo-belasting wat die afgelope paar jaar gehef word op alle goedere wat in hul geheel ingevoer word.

(Die koper dok dus drie keer aan die Ontvanger op: bo-belasting, gewone invoerbelasting en algemene verkoopbelasting. Laasgenoemde voeg nog 'n allemintige R9 100 by die koopprys van 'n RC30).

"Die prysgeld wat ons toekom, maar in ander mense se sakke beland, sou jaers in staat stel om 'n groot deel van hul onkostes te verhaal.

"Al wat jy nou kry as jy wen is 'n simpel trofee; 'n stuk geelkoper op 'n stuk hout gemonteer. Dié kry jy ook nie aldag nie; hulle vergeet soms om vir ons te sê wanneer die prysuitdeling plaasvind."

Petersen vertel dat hy in 1981, toe Superfiets-wedrenne op hul gewildste was, by 'n geleentheid vir die organiseerders van 'n byeenkoms in Pietermaritzburg gaan vra het vir sy reis-toelae. Hulle het hom 'n tjek van R15 aangebied.

"Ek was destyds een van die beste jaers in die klas vir Superfietse, en het vir hulle gevra of hulle nie dalk dink een of twee van die 20 000 toeskouers het gekom om my te sien jaag nie. Ek het die tjek opgeskeur en voor hulle op die tafel neergesmyt."

Deesdae kry jaers wat in Kaapstad meeding R200 reisgeld, wat volgens Petersen nie eers sy reiskoste Welkom toe sou dek nie. (In Welkom kry jaers, terloops, niks. Dieselfde geld vir al die ander klein renbane).

"Dan was hulle twee jaar gelede nog vermetel genoeg om ons met R3 000 te beboet omdat ons geweier het om op Zwartkops te ry. Die baan was in 'n haglike toestand. Dit sou selfmoord gewees het om voluit daar te jaag."

Die enigste byeenkoms die afgelope tien jaar waar jaers werklik goeie geld verdien het, was in Philips se internasionale reeks twee jaar gelede. Dié reeks is nie deur Kyalami Enterprises of die AA georganiseer nie, maar deur Paul Velasco, een van die land se voorste motorsport-fotograwe.

"Die borge het R750 000 gegee en elke sent is aan prysgeld bestee. Paul se beloning vir sy inisiatief was 'n lewenslange skorsing uit motorsport."

Petersen het sowat R20 000 binne drie weke verdien, en Rod Gray sowat R23 000.

"Dis hoe dit moet wees. Dis immers ons wat ons lewens daar waag, en ons vaardigheid wat die toeskouers lok."

Volgens Petersen is die organiseerders wat nou in die geld rol, besig om die gans wat die goue eiers lê, te verwurg.


"Die aantal jaers gaan aanhou afneem totdat die oganiseerders dit weer vir hulle lonend maak. Minder jaers beteken swakker wedrenne, wat toeskouertalle laat afneem. En dit beteken minder geld vir die organiseerders."

Kyalami Enterprises skryf die sportsoort se kwynende gewildheid toe aan die insinking wat die motorfietsbedryf beleef.

Petersen maak dit as kaf af.

"Sal rugby uitsterf as die sportwinkels minder balle verkoop?" wonder hy.

## Wayne Rainey is koning



TINUS HORN

WAYNE RAINEY se oorwinning in verlede week se Tsjeggo-Slowaakse Grand Prix vir 500cc motorfietse het nie net verseker dat hy as vanjaar se kampioen gekroon word nie, maar ook Amerika se oorheersing van dié sportsoort onderstreep.

Die jare tagtig is deur drie Amerikaners oorheers: Kenny Roberts, Freddie Spencer en Eddie Lawson. As 1990 'n aanduiding is, gaan dié dekade aan Rainey, Kevin Schwantz van Texas en nog 'n Amerikaner, die jong John Kocinski, behoort.

Hulle is helde in Europa, waar die wedrenne week ná week soveel as 100 000 toeskouers lok. Maar volgens Roberts - stellig dié sportsoort se grootste lewende legende - sal niemand hom of die huidige top-jaers in Amerika op straat herken nie.

In Suid Afrika gaan dit ook maar so. Toe Kork Ballington in die vroeë jare tagtig 'n dubbele wêreldkampioen in dié hoogs kompeterende sportsoort was, was hy maar bra onbekend hier. Nuus oor sy welslae is dikwels diep binne-in koerante hier weggesteek.

Rainey het tot dusver vanjaar merkwaardig vertoon. Dat 'n jaer twee wedrenne voor die einde van die seisoen met 'n voorsprong van 67 punte oor sy naaste teenstander spog, is 'n ongekende verskynsel in wedrenkringe.

As hy sy oorheersing oor Schwantz, wat met 'n Suzuki jaag en tweede op die puntelys lê, kan voortsit, kan hy die kampioenskap nog veel verder wen.

Schwantz is die vinnigste jaer in die reeks. Daarvan getuig die feit dat hy vir byna elke wedren die vinnigste kwalifiserende tyd opstel. Hy het egter in sy laaste twee wedrenne geval, en dus geen punte verdien nie. Rainey se twee oorwinnings het aan hom 40 punte besorg.

Hy het vanjaar reeds sewe wedrenne gewen. In die ander ses het hy nooit laer as derde geëindig nie.

Intussen is daar steeds sprake dat daar van volgende jaar af nuwe beperkinge op die fietse geplaas sal word wat hulle stadiger sal maak, in 'n poging om die ongeluksyfer - wat vanjaar skrikwekkend hoog was - af te bring.

Honda, wat vanjaar glad nie waffers gevaar het nie, wil hê die fietse se enjin-kapasiteit moet nam 375cc verlaag word, maar die ander top vervaardigers is glad nie hiervoor te vinde nie.

Die Honda-span dreig glo om hom aan volgende jaar se kompetisie te onttrek as daar nie aan sy eiese gehoor gegee word nie.

Volgens "Motorcyclist", 'n toonaangewende Amerikaanse motorfietstydskrif, het Suzuki se spanbestuurder, Gary Taylor, gesê hy wil 'n paar plakkers wat hy 'n paar jaar gelede laat druk het, weer uit sy laai krap. Hulle lui: "Honda enters, Honda wins; Honda loses, Honda quits..."

# Vrydag

onder redaksie van

ANDREA VINASSA

## Afrika-filmfees in Johannesburg, Kaapstad, Durban

DIE Afrika-Kultuursentrum bied dié naweek in Johannesburg en volgende week in Kaapstad 'n werkwinkel en seminaarreeks oor Derde Wêreld-rolprente (Third Cinema) aan. Die sentrum is in Mintlaan 46, Fordsburg, geleë. (Tel 838-3034).

Die Afrika-regisseur Imruh Bakari is die genooide gas en sy "Third Eye", 'n dokumentêr oor die probleme van filmmakers wat in die Derde Wêreld werk, word vanoggend 11-uur vertoon. Daarna volg 'n bespreking oor kunsflieks. Henry Martin se "Grove Music", 'n dokumentêr oor reggae-musikante, is een-uur te sien en daarna Bakari se "Mark of the Hand". Die werk van die Guyanese skilder, Aubrey Williams, word hierin bespreek.

Môre se program sluit in 'n vertoning 10-uur van Martina Attille se "Dreaming Rivers" wat handel oor 'n immigrante-gesin.

Souleymane Cisse se Mali-prent, "Finye" draai een-uur.

Maandag se Kaapstad-program by UWK se Biblioteek-ouditorium sluit in "Third Eye" 11-uur, Bakari se "Riots and Roumours of Riots" en "Dreaming Rivers" om twee-uur. "Finye" draai vier-uur.

Saterdag 8 September kan "Third Eye" (11-uur), "Riots and Rumours of Riots" en "Dreaming Rivers" (2-uur) en "Finye" (4-uur) in Durban se Upstairs Gemeenskap-Teater, Alicestraat, gesien word.

## Sakhile and Mzwakhe at fest

PHINEUS TSHUKUDU

THE Afro-Fusion band Sakhile are preparing for the Sechaba Festival 1990, to be held in Glascow, Scotland.

Sakhile's music is going places since their performances at the Mandela birthday bash which was held at Wembly Stadium and the Zabalaza Festival in London.

The trip to Scotland will be Sakhile's third trip to Europe this year. In July this year they toured Finland, Britain and the USSR.

Sechaba 1990 is a cultural festival which will last sixteen days to be held in conjunction with an international conference and is being organised by the Scottish Committee of the Anti-apartheid movement, the Scottish TUC and in consultation with the ANC.

Members of Sakhile have also been invited participate in the conference.

Formed in 1981 by Sipho Gumede and Khaya Mahlangu, Sakhile has undergone a few transmogrifications. Since their regrouping in 1987 they have enjoyed considerable success, the latest being with an album titled "Phambili".

"People's poet" Mzwahke Mbuli has also been invited to perform at the Sechaba Festival.

***Die seisoen van Chris Pretorius se 'A Love Story (Weird Sex in Maputo)' is tot 8 September verleng. Bo is Guy de Lancey besig met 'n post-koitale monoloog. Megan Kruskal speel teenoor hom in dié verhaal van twee swerwers wat vergeet het hoe om liefdeswoordjies te fluister. Dis in die Laager by die Mark-Teater op die planke***



*Rufus Swart en Simon Poland in 'The Shadowed Mind'*

## Appèl vir SA psigo-riller

***Cedric Sundström se 'The Shadowed Mind' is een van die verbode prente op die Weekly Mail se filmfees. Die sensors het nog nie hul redes verskaf nie, maar sodra dit gebeur is die regisseur van plan om appèl aan te teken teen die verbod. ANDREA VINASSA het met Sundström gesels***

CEDRIC SUNDSTRöM bepeins die ironie van sy regisseursloopbaan: hy is deesdae alombekend as "'n regisseur van Ninja-prente", terwyl hy reeds jare gelede berugtheid verwerf het met sy prente "Suffer Little Children" en "The Mountain". Albei is psigo-rillers wat handel oor die wisselvallige verhoudings tussen seuns en hul ouers. Religieuse en mistieke ondertone bind "Suffer", "Mountain" en "The Shadowed Mind".

"Suffer Little Children" is in 1976 gemaak en het ook onder die sensors deurgeloop. Dit is enkele keer op rolprentfeeste vertoon, maar is as lasterlik beskou.

"Suffer" handel oor 'n kind wat in die Depressie-jare in 'n klein, eng gemeenskappie sonder 'n pa grootword. Steven beskik oor geen vaderfiguur nie. Hy projekteer sy behoefte aan liefde en 'n seksuele rolmodel op die kragtigste manlike beeld in sy verbeeldingswêreld: Jesus.

Steven leef hom só in sy fantasie in dat hy "Jesus word". Die ander kinders in die dorp begin saamspeel en uiteindelik laat hy hulle toe om hom te kruisig...

"Mountain" (1984), gemaak vir die SAUK, handel oor 'n seun se obsessionele/oedipale verknogtheid aan 'n berg. Dié kind klim elke dag die berg agter sy huis, tot hy op 'n dag in 'n skeur afval. Sy pa en al die mans op die dorp probeer hom daar uitkry, maar net sy ma het die moed om die onvermydelike te aanvaar ... dat sy rug gebreek is. Sy skiet hom dood en daarmee verenig sy hom met sy "mistieke moeder".

In "The Shadowed Mind" (1988), wat in 'n hospitaal vir geestelik versteurdes afspeel, is die karakters se psigo-seksuele afwykings meestal te wyte aan verwronge verhoudings met hul ouers.

Die geskiedenis van die prent is veral aangrypend. Die draaiboek is die uiteinde van 'n werkwinkelsessie met die akteurs. Hulle het net 'n week gehad om die draaiboek te skryf, dit in te studeer en pre-produksie te doen. Dus het Sundström spelers gekies wat ook op 'n konseptuele vlak 'n bydrae kon maak.

Wat "The Shadowed Mind" uniek maak, is dat dit gegrond op outobiografiese besonderhede waarmee die spelers vorendag gekom het. Dinge soos masturbasie, biseksualiteit, self-kastrasie en ontbloting is skynbaar verskynsels wat die sensors liewer maar onder op die rak begrawe wil sien.

Toevallig begin Sundström se tweede Ninja-fliek vandag draai. Selfs die ou macho Amerikaners het nie sy ondergrawende visie vrygespring nie. "Ek dink almal is moeg vir daardie een-dimensionele macho-helde waarin die manlike beginsel seëvier."

Sundström meen dat sy gebruik van vroue-tegnici op 'n subliminale vlak 'n "androgene" kwaliteit daaraan verleen. "Deur die manlike karakters ook vroulike karaktertrekke te gee, word die yin en die yang verteenwoordig."

Die fees begin Maandag.

### *Weekly Mail Filmfees*

Programme is beskikbaar by die Daily Mail, Frederickstraat, Johannesburg; The Bookworm (Sandton); Exclusive Books (Hillbrow en Hyde Park), African Magic (Yeoville); Phambili Books (Claimstraat); Computicket.

Vir verdere inligting bel (021) 242090/1/2 of Computicket (021) 214 205; (011) 331 3321 of Computicket (011) 331 9991

Die Suid-Afrikaanse première van Idrissa Ouedraigo se "Tilai" en Abdullah Ibrahim by Wits se Great Hall vind Woensdag 5 September 7nm plaas en by die Luxurama in Wynberg op Donderdag 6 September om 7nm (Kaartjies: R20 by die deur en Computicket)

Die fees vind hier plaas:

Johannesburg: Avalon-Teater, Centrallaan 93, Fordsburg, (tel: 834 3095); Kings-Teater, 2e Laan 48, Alexandra (tel: 440 3134); Mini Cine, Pretoriastraat, Hillbrow (tel: 642 8915); Cine Corlett, Corlett City, Louis Bothalaan, Bramley (tel: 786 0324); Senate House, Wits

Kaapstad: Luxurama, Wynberg (tel: 797 6152/762 2573); Baxter-Teater, Mainstraat, Rondebosch (tel: 685 7880); Labia-Teater, Oranjestraat, Tuine (tel: 245920); Biblioteek-ouditorium, UWK (tel:9592911); Sentrum vir Afrika-studies, UK.

Die volle program verskyn op bladsy B5.

Fynproe

NETTE PIKEUR

# Eet met jou oë, kook met jou hart

DIS hulle wat reguit kookboekrak toe pyl wanneer Exclusive Books Sondagoggend oopmaak - die foodie-kykers.

Hulle is nie altyd kokke nie, maar hulle verslind kookboeke, vir hierdie lot moet jy 'n enkele eksemplaar van die nuwe glansnommer uitsit en die res in plastiek toedraai, nes pornografie, want hulle kyk hom voos. Ek self pleit skuldig.

En met 'n begroting wat voor die einde van die maand reeds in die rooi was, koop ek sonder om te aarsel "France: The Beautiful Cookbook" - 'n volle R95 sonder belasting.

En dit bring ons vandag by mooi kookboeke. Net om die duiwel te laat lekker kry, het die uitgewers van die bogenoemde pragstuk toe skaars drie maande later ook "Italy: The Beautiful Cookbook" uitgegee, teen dieselfde prys. Hierdie twee koffietafel-publikasies is elk 'n hele Sondagmiddag se lees werd, en is daarna ook bruikbaar. Pragtige volblad kleurfoto's van landskappe, tipiese bistro's, en plaashuise wissel af met die eerlikste en skoonste gestileerde kosfoto's wat ek nog ooit teegekom het.

Kru peasant-erdeborde is gebruik vir die mooi outydse geregte soos gewone tamatieslaai, plat gerangskik met basiliekruid. Die bestanddele vir 'n tradisionele visgebak word op 'n rowwe houttafel uitgestal met skerpgeslypte ou kombuismesse, bossies kruie en flesse olyfolie.

Nog belangriker: Die foto's is perfek in fokus, (dis verstommend hoeveel kosfotograwe die basiese kuns nooit eintlik baasraak nie), die kleure aanloklik soos kos moet wees, met g'n fieterjasies soos bruin garnering op 'n bruin brood nie.

Daar die Pikeurs so gek is na groente, blaai hulle altyd eerste na die groente-hoofstuk van 'n kookboek, en ja, ook hier is die asem weggeslaan. Die lieflikste produkte van Provence, die mooiste groente-pastele in 'n watertand-pastei wat so rof afgewerk is dat dit nooit 'n landbouskou sal haal nie ... goddelike kos uit 'n streek waarvan ons baie kan leer.

In dié trant wil ek ook net kenner genaamd Tessa Traeger noem. Sy doen die Britse Vogue kosstilering en neem dan self die foto. Dis gewoonlik 'n enkele pragstuk, 'n ryklik-versierde tema om die gereg of bestanddeel self. Traeger is 'n legende, en hoewel ons nie Vogue koop nie (daai lawwe klere op nog lawwer modelle), blaai ons in die boekwinkel altyd vinnig na haar kosbladsy vir inspirasie oor hoe kosfoto's moet lyk.

Nader aan huis kan 'n mens darem nooit fout vind met Lannice Snyman en Anne Klarie se lieflike reeks boeke oor seekos nie. Don Nelson het jare gelede die klassieke "Vars uit ons see" uitgegee (nou uit druk), met foto's deur Jac de Villiers, en stilering deur Lin Sampson.

Die boeke is nou al oorgeskryf en oor en oor uitgegee - en jy weet hoekom. Dis die oorspronklike, bruikbare resepte, helder geskryf, en die uitstekende foto's wat alles so aanloklik laat lyk. Die vis is so vars hulle spring van die papier af. "Meer van die see" is die jongste boek se naam, teen sowat R24.

Australiërs, weird genoeg, is omtrent die ergste foodies wat bestaan, naas die Kaliforniërs. Hulle is kosmal en hul kookboeke 'n droom. Gaan kyk maar by enige CNA of Paperbacks - dit wemel van sulke slapband-volkleurboeke, sommige skaars meer as tydskrifte, en die fotografie, stilering en resepte is uit die boonste rak. Hulle kos selde meer as R16.

Een van die beste wat jy dalk nog kan koop, is "Meals without Meat". G'n beduidenis van vegetarisme nie, slegs uithaler-resepte gemaak sonder vleis, met die heel beste gebruik van hul groente.

Gaan soek daardie boeke. Hulle is die moeite werd en mooi om na te kyk. Veral mense wat in sjokalade belang stel, sal hier foto's en resepte vind to die for.

Ons Pikeurs was nog nooit sjokolade-freaks nie, maar gun elke mens sy eie verslawing.

Net om darem een ou happie hier in te sluit, 'n resep uit "France: The Beautiful Cookbook", een wat ek glad nie ken nie en heerlik lyk. Die Canut is 'n verwysing na Franse kantmakers, maar hoekom dit ook harsings genoem word, kan ek nie uitfigure nie.

## Cervelle de Canut

Neem 250g riccota-kaas, en meng met kwartkoppie olyfolie, 3 eetlepels wynasyn en 3 eetlepels droë witwyn.

Klop 200ml room tot styf, en vou by die kaas. Kap fyn: 2 spruituie, 'n paar takkies pietersielie (dit maak seker 2 eetlepelsvol), 6 takkies kerwel as jy het, en 10 halmpies grasuie. Voeg dit als by die kaasmengsel, plus sout en peper na smaak, en meng goed.

Smeer op rogbrood.

# Wyn vir 'n someraand

***BJ LANKWARDEN skryf oor Neil Ellis se nuwe reeks***

NEIL ELLIS is sonder twyfel een van die Kaap se beste wynmakers, soos die uitstekende wyne wat hy vir Zevenwacht vervaardig het, bewys, én sy eie Neil Ellis Vineyard Selection.

Vanjaar het Ellis die wonderlike Louisvale Chardonnay gemaak (hy is laasjaar by Zevenwacht weg) en dis met groot belangstelling dat ek 'n wynproe van sy eie wyne, nou genaamd Neil Ellis Wines, bygewoon het. Die woord "vineyard" is op die etikette weggelaat na druk van die landgoedeienaars.

Neil is 'n stil, beskeie mens en ek het verwag om net 'n nuwe oesjaar van sy gewone wyne te proe. Watter verrassing om nie drie nie maar sés Neil Ellis-wyne te proe wat onder die top-wyne is wat hier vervaardig word.

Die eerste was die 1990 Neil Ellis Ryn Riesling: 'n baie goeie wyn, droog dog elegant met hope geur en 'n skoon afwerking. Rhine Rieslings is nie altyd die beste verkopers nie omdat die publiek nie weet of die wyn droog of halfsoet is nie. Wees gerus, dié een is droog, báie droog om die waarheid te sê, maar met 'n lieflike lewendige vrugte/suur-balans.

Volgende was iets heeltemal nuuts: die eerste gesertifiseerde Wyn van Oorsprong van Elgin, die 1990 Neil Ellis Whitehall Sauvignon Blanc. Hier is 'n wyn met 'n boeket sonder weerga in dié land - so 'n tegemoetkomende neus van vars kattepis in die oggendgras, gemeng met appels en groente is 'n suiwer genot. Wanneer jy die wyn proe, neem die enorme varsheid en elegante vrugtegeure oor en maak hiervan 'n merkwaardige wingerd-wyn met 'n lang skoon afronding.

Soveel meer merkwaardig as 'n mens in ag neem dat hierdie wyn van 'n 5 hektaar-wingerd kom wat sowat 8 jaar gelede deur Henry Hall op sy plaas Whitehall aangeplant is. Dit het moed geverg aangesien appels nou meer winsgewend is as druiwe, maar die weerstoestande van Elgin maak druiweplant bykans onafwendbaar. Dis kouer op Elgin as op Ruiterbosch, Hermanus en Constantia - en die weer verskil baie van dié van Stellenbosch en die Paarl, so dis geen wonder dat Elgin se wyn 'n besonderse en verskillende karakter het nie.

Neil Ellis se etikette het elke jaar 'n ander ontwerp. Vanjaar het hy selfs twee, een vir die Stellenbosch-wyne waarop die Valsbaai-see uitgebeeld word, en een vir die Elgin-wyne met dennebome wat die hoë, koel binnelandse ligging van dié wingerde aandui.

Die 1990 Neil Ellis Gewürztraminer kom van die Vlottenburg-gebied en is volkome in die styl wat deur die twee vorige wyne gestel is. 'n Vol, glorieryke aantreklike neus van speseryagtige roosblare, gevolg deur 'n heerlike droë geurvolle smaak en 'n skoon vars gedrae nasmaak. Nog 'n wenner.

Die Blanc Fumé en die Chardonnay word nie voor later vanjaar uitgereik nie, maar uit die voorsmakie kan ek u verseker dis die moeite werd.

Min goed sal so belondend wees as om van dié wyne op 'n warm someraand saam met vriende te geniet, maar bestel nou, want wanneer die somer kom, gaan dit onverkrygbaar wees. So 'n reeks wyne is nog nooit tevore hier ter lande geproe nie.


dié week by die

MARK-TEATER

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm

Dorothy Ann Gould in

THE HEIDI CHRONICLES deur Wendy Wasserstein

Regie deur Clare Stopford - 'Nie net 'n snaakse stuk nie, ook 'n wyse een' - NY Daily News

UPSTAIRS BY DIE MARK

STARBRITES - deur Barney Simon en die spelers

Musiekregisseur - Duze Mahlobo

Marionette en ontwerp deur Handspring Puppet Company - Ma tot Vr 8.15nm Sa 6.15nm en 9.15nm

DIE LAAGER

Guy de Lancey en Megan Kruskal in

A LOVE STORY -

regie en teks deur CHRIS PRETORIUS

- Die keersy van 'thirtysomething' -

Ma tot vr 8.15nm; Sa 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK

Bruce Cassidy en Barney Rachabane se

CONVERSATIONS - Tot 15 September - Ma - Sa 8.30nm/ Sa 2nm

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So: 9nm

Bayete - 832-1646

MARK-GALERYE

Santu Mofokeng - 'Like Shifting Sand'

'People's Parks' - Dokumentering deur Steven Sack

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.


## *Groot geleenthede vir ekshibisioniste in kafee-teater*

SEDERT die Black Sun sy deure gesluit het, is daar 'n groot leemte in die teaterwêreld vir kafee- en eksperimentele teater.

Die Yard of Ale-restaurant (oorkant die Mark-Teater) en die Theatre Voltaire is van plan om die leemte te vul.

Die Yard begin Sondag met 'n reeks teateraanbiedings wat 8.15nm begin.

Braam en Frank nooi enige aspirant-ekshibisioniste om te kom optree. Diegene wat belangstel kan hulle by (011) 836-6611 bel.

Die Theatre Voltaire (by die Junction, h/v Claim- en Breestraat) bied Sondag 7.30nm Lance Gewer en Aldo Lee se kort rolprent "Sacrifice" aan. "Say What You Mean" met Jeanette Ginslov en Warrick Grier (regie deur Matthew Krause) word opgevoer. Ook op die program is "The Postman Always Comes Once", "Talk to Me and Listen", die stripper Little Annie en Neil Eckze.

Fynproe
NETTIE PIKEUR

# Eet met jou oë, kook met jou hart

DIS hulle wat reguit kookboekrak toe pyl wanneer Exclusive Books Sondagoggend oopmaak - die foodie-kykers.

Hulle is nie altyd kokke nie, maar hulle verslind kookboeke, vir hierdie lot moet jy 'n enkele eksemplaar van die nuwe glansnommer uitsit en die res in plastiek toedraai, nes pornografie, want hulle kyk hom voos. Ek self pleit skuldig.

En met 'n begroting wat voor die einde van die maand reeds in die rooi was, koop ek sonder om te aarsel "France: The Beautiful Cookbook" - 'n volle R95 sonder belasting.

En dit bring ons vandag by mooi kookboeke. Net om die duiwel te laat lekker kry, het die uitgewers van die bogenoemde pragstuk toe skaars drie maande later ook "Italy: The Beautiful Cookbook" uitgegee, teen dieselfde prys. Hierdie twee koffietafel-publikasies is elk 'n hele Sondagmiddag se lees werd, en is daarna ook bruikbaar. Pragtige volblad kleurfoto's van landskappe, tipiese bistro's, en plaashuise wissel af met die eerlikste en skoonste gestileerde kosfoto's wat ek nog ooit teegekom het.

Kru peasant-erdeborde is gebruik vir die mooi outydse geregte soos gewone tamatieslaai, plat gerangskik met basiliekruid. Die bestanddele vir 'n tradisionele visgebak word op 'n rowwe houttafel uitgestal met skerpgeslypte ou kombuismesse, bossies kruie en flesse olyfolie.

Nog belangriker: Die foto's is perfek in fokus, (dis verstommend hoeveel kosfotograwe die basiese kuns nooit eintlik baasraak nie), die kleure aanloklik soos kos moet wees, met g'n fieterjasies soos bruin garnering op 'n bruin brood nie.

Daar die Pikeurs so gek is na groente, blaai hulle altyd eerste na die groente-hoofstuk van 'n kookboek, en ja, ook hier is die asem weggeslaan. Die lieflikste produkte van Provence, die mooiste groente-pastele in 'n watertand-pastei wat so rof afgewerk is dat dit nooit 'n landbouskou sal haal nie ... goddelike kos uit 'n streek waarvan ons baie kan leer.

In dié trant wil ek ook net kenner genaamd Tessa Traeger noem. Sy doen die Britse Vogue kosstilering en neem dan self die foto. Dis gewoonlik 'n enkele pragstuk, 'n ryklik-versierde tema om die gereg of bestanddeel self. Traeger is 'n legende, en hoewel ons nie Vogue koop nie (daai lawwe klere op nog lawwer modelle), blaai ons in die boekwinkel altyd vinnig na haar kosbladsy vir inspirasie oor hoe kosfoto's moet lyk.

Nader aan huis kan 'n mens darem nooit fout vind met Lannice Snyman en Anne Klarie se lieflike reeks boeke oor seekos nie. Don Nelson het jare gelede die klassieke "Vars uit ons see" uitgegee (nou uit druk), met foto's deur Jac de Villiers, en stilering deur Lin Sampson.

Die boeke is nou al oorgeskryf en oor en oor uitgegee - en jy weet hoekom. Dis die oorspronklike, bruikbare resepte, helder geskryf, en die uitstekende foto's wat alles so aanloklik laat lyk. Die vis is so vars hulle spring van die papier af. "Meer van die see" is die jongste boek se naam, teen sowat R24.

Australiërs, weird genoeg, is omtrent die ergste foodies wat bestaan, naas die Kaliforniërs. Hulle is kosmal en hul kookboeke 'n droom. Gaan kyk maar by enige CNA of Paperbacks - dit wemel van sulke slapband-volkleurboeke, sommige skaars meer as tydskrifte, en die fotografie, stilering en resepte is uit die boonste rak. Hulle kos selde meer as R16.

Een van die beste wat jy dalk nog kan koop, is "Meals without Meat". G'n beduidenis van vegetarisme nie, slegs uithaler-resepte gemaak sonder vleis, met die heel beste gebruik van hul groente.

Gaan soek daardie boeke. Hulle is die moeite werd en mooi om na te kyk. Veral mense wat in sjokalade belang stel, sal hier foto's en resepte vind to die for.

Ons Pikeurs was nog nooit sjokolade-freaks nie, maar gun elke mens sy eie verslawing.

Net om darem een ou happie hier in te sluit, 'n resep uit "France: The Beautiful Cookbook", een wat ek glad nie ken nie en heerlik lyk. Die Canut is 'n verwysing na Franse kantmakers, maar hoekom dit ook harsings genoem word, kan ek nie uitfigure nie.

### Cervelle de Canut

Neem 250g riccota-kaas, en meng met kwartkoppie olyfolie, 3 eetlepels wynasyn en 3 eetlepels droë witwyn.

Klop 200ml room tot styf, en vou by die kaas. Kap fyn: 2 spruituie, 'n paar takkies pietersielie (dit maak seker 2 eetlepelsvol), 6 takkies kerwel as jy het, en 10 halmpies grasuie. Voeg dit als by die kaasmengsel, plus sout en peper na smaak, en meng goed.

Smeer op rogbrood.

# Wyn vir 'n someraand

*BJ LANKWARDEN skryf oor Neil Ellis se nuwe reeks*

NEIL ELLIS is sonder twyfel een van die Kaap se beste wynmakers, soos die uitstekende wyne wat hy vir Zevenwacht vervaardig het, bewys, én sy eie Neil Ellis Vineyard Selection.

Vanjaar het Ellis die wonderlike Louisvale Chardonnay gemaak (hy is laasjaar by Zevenwacht weg) en dis met groot belangstelling dat ek 'n wynproe van sy eie wyne, nou genaamd Neil Ellis Wines, bygewoon het. Die woord "vineyard" is op die etikette weggelaat na druk van die landgoedeienaars.

Neil is 'n stil, beskeie mens en ek het verwag om net 'n nuwe oesjaar van sy gewone wyne te proe. Watter verrassing om nie drie nie maar sés Neil Ellis-wyne te proe wat onder die top-wyne is wat hier vervaardig word.

Die eerste was die 1990 Neil Ellis Ryn Riesling: 'n baie goeie wyn, droog dog elegant met hope geur en 'n skoon afwerking. Rhine Rieslings is nie altyd die beste verkopers nie omdat die publiek nie weet of die wyn droog of halfsoet is nie. Wees gerus, dié een is droog, báie droog om die waarheid te sê, maar met 'n lieflike lewendige vrugte/suur-balans.

Volgende was iets heeltemal nuuts: die eerste gesertifiseerde Wyn van Oorsprong van Elgin, die 1990 Neil Ellis Whitehall Sauvignon Blanc. Hier is 'n wyn met 'n boeket sonder weerga in dié land - so 'n tegemoetkomende neus van vars kattepis in die oggendgras, gemeng met appels en groente is 'n suiwer genot. Wanneer jy die wyn proe, neem die enorme varsheid en elegante vrugtegeure oor en maak hiervan 'n merkwaardige wingerd-wyn met 'n lang skoon afronding.

Soveel meer merkwaardig as 'n mens in ag neem dat hierdie wyn van 'n 5 hektaar-wingerd kom wat sowat 8 jaar gelede deur Henry Hall op sy plaas Whitehall aangeplant is. Dit het moed geverg aangesien appels nou meer winsgewend is as druiwe, maar die weerstoestande van Elgin maak druiweplant bykans onafwendbaar. Dis kouer op Elgin as op Ruiterbosch, Hermanus en Constantia - en die weer verskil baie van dié van Stellenbosch en die Paarl, so dis geen wonder dat Elgin se wyn 'n besonderse en verskillende karakter het nie.

Neil Ellis se etikette het elke jaar 'n ander ontwerp. Vanjaar het hy selfs twee, een vir die Stellenbosch-wyne waarop die Valsbaai-see uitgebeeld word, en een vir die Elgin-wyne met dennebome wat die hoë, koel binnelandse ligging van dié wingerde aandui.

Die 1990 Neil Ellis Gewürztraminer kom van die Vlottenburg-gebied en is volkome in die styl wat deur die twee vorige wyne gestel is. 'n Vol, glorieryke aantreklike neus van speseryagtige roosblare, gevolg deur 'n heerlike droë geurvolle smaak en 'n skoon vars gedrae nasmaak. Nog 'n wenner.

Die Blanc Fumé en die Chardonnay word nie voor later vanjaar uitgereik nie, maar uit die voorsmakie kan ek u verseker dis die moeite werd.

Min goed sal so belondend wees as om van dié wyne op 'n warm someraand saam met vriende te geniet, maar bestel nou, want wanneer die somer kom, gaan dit onverkrygbaar wees. So 'n reeks wyne is nog nooit tevore hier ter lande geproe nie.


dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
Dorothy Ann Gould in
THE HEIDI CHRONICLES deur Wendy Wasserstein
Regie deur Clare Stopford - 'Nie net 'n snaakse stuk nie, ook 'n wyse een' - NY Daily News

UPSTAIRS BY DIE MARK
STARBRITES - deur Barney Simon en die spelers
Musiekregisseur - Duze Mahlobo
Marionette en ontwerp deur Handspring Puppet Company - Ma tot Vr 8.15nm Sa 6.15nm en 9.15nm

DIE LAAGER
Guy de Lancey en Megan Kruskal in
A LOVE STORY -
regie en teks deur CHRIS PRETORIUS
- Die keersy van 'thirtysomething' -
Ma tot vr 8.15nm; Sa 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
Bruce Cassidy en Barney Rachabane se
CONVERSATIONS - Tot 15 September - Ma - Sa 8.30nm/ Sa 2nm

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
Bayete - 832-1646

MARK-GALERYE
Santu Mofokeng - 'Like Shifting Sand'
'People's Parks' - Dokumentering deur Steven Sack

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.


## *Groot geleenthede vir ekshibisioniste in kafee-teater*

SEDERT die Black Sun sy deure gesluit het, is daar 'n groot leemte in die teaterwêreld vir kafee- en eksperimentele teater.

Die Yard of Ale-restaurant (oorkant die Mark-Teater) en die Theatre Voltaire is van plan om die leemte te vul.

Die Yard begin Sondag met 'n reeks teateraanbiedings wat 8.15nm begin.

Braam en Frank nooi enige aspirant-ekshibisioniste om te kom optree. Diegene wat belangstel kan hulle by (011) 836-6611 bel.

Die Theatre Voltaire (by die Junction, h/v Claim- en Breestraat) bied Sondag 7.30nm Lance Gewer en Aldo Lee se kort rolprent "Sacrifice" aan. "Say What You Mean" met Jeanette Ginslov en Warrick Grier (regie deur Matthew Krause) word opgevoer. Ook op die program is "The Postman Always Comes Once", "Talk to Me and Listen", die stripper Little Annie en Neil Eckze.

